



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN AERP OOR REKENINGKUNDIGE VERANTWOORDING DEUR PRINSIPALE EN AGENTE (AERP 109)

**Uitgegee deur die
Raad op Rekeningkundige Standaarde
Julie 2015**



AERP 109

Die Hoof Uitvoerende Beampte
Raad op Rekeningkundige Standaarde
Posbus 74219
Lynnwoodrif
0040
Faks: +2711 697 0666
E-posadres: info@asb.co.za

Kopiereg © 2015 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar, versend, of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie. Die goedgekeurde teks is in die Engelse taal gepubliseer.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Rekeningkundige Verantwoording deur Prinsipale en Agente

	Paragraaf
Inleiding	
Doelstelling	.01 - .02
Omvang	.03 - .04
Woordomsrywings	.05 - .15
Prinsipaal-agentreëling	.06 - .12
Prinsipaal en agent	.13 - .15
Vasstelling of 'n entiteit 'n prinsipaal of 'n agent is	.16 - .41
Bindende reëling	.17 - .23
Bepaling watter entiteit uit transaksies met derde partye bevoordeel word	.24 - .41
Rekeningkunde deur 'n prinsipaal of 'n agent	.42 - .59
Erkenning van inkomste en uitgawes as 'n prinsipaal of 'n agent	.45 - .49
Erkenning van bates en laste as 'n prinsipaal of 'n agent	.50 - .59
Aanbieding	.60
Openbaarmaking	.61 - .67
Openbaarmaking deur agente	.63 - .66
Openbaarmaking deur prinsipale	.67
Oorgangsbepalings	.68
Datum van inwerkingtrede	.69
Bylae A – Verduidelikende riglyne en voorbeelde	
Bylae B – Gevolglike wysigings aan ander Standaard van AERP	
Grondslag vir gevolgtrekkings	

Rekeningkundige Verantwoording deur Prinsipale en Agente

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP)

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word in Standaarde van AERP gesamentlik “entiteite” genoem

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) wat deur die International Accounting Standards Board uitgegee is, goedgekeur om vir hierdie entiteite AERP te wees waar hulle IFRS'e toepas.

AERP 109

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Prinsipaal-agentaktiwiteite* word in paragraaf .01 tot .69 uiteengesit. Alle paragrawe in die Standaarde van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Die Standaarde moet in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* gelees word.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, gelees word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos dit in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard daarna uitgegee word. Paragraaf .12 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doelstelling van hierdie Standaard is om beginsels uit te lig wat 'n entiteit moet gebruik om vas te stel of hy deel aan 'n prinsipaal-agentreëling het, en of hy 'n prinsipaal of agent is by die onderneming van transaksies ooreenkomstig sodanige reëling.
- .02 Hierdie Standaard stel nie nuwe erkennings- of metingsvereistes vir inkomste, uitgawes, bates en/of laste bekend wat uit prinsipaal-agentreëlings voortspruit nie. Die Standaard bied egter riglyne oor die vraag of inkomste, uitgawes, bates en/of laste deur 'n agent of 'n prinsipaal erken moet word, en skryf ook voor watter inligting openbaar gemaak moet word indien 'n entiteit 'n prinsipaal of 'n agent is.

Omvang

- .03 *'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas om in 'n prinsipaal-agentreëling vas te stel of hy 'n prinsipaal of 'n agent is.*
- .04 *Indien 'n entiteit 'n party by 'n prinsipaal-agentreëling is, moet hy die beginsels in hierdie Standaard toepas om te bepaal of hy 'n prinsipaal of 'n agent is voordat ander Standaarde van AERP wat met die erkenning en meting van inkomste, uitgawes, bates en/of laste te make het, toegepas word.*

Woordomsrywings

- .05 *Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:*
- 'n Agent is 'n entiteit wat deur 'n ander entiteit ('n prinsipaal) deur middel van 'n bindende reëling opdrag gegee is om transaksies met derde partye namens die prinsipaal en tot voordeel van die prinsipaal te onderneem.*
- 'n Prinsipaal is 'n entiteit wat 'n ander entiteit ('n agent) deur middel van 'n bindende reëling opdrag gee om transaksies met derde partye namens homself en tot sy eie voordeel te onderneem.*
- 'n Prinsipaal-agentreëling spruit voort uit 'n bindende reëling waarin een entiteit ('n agent) transaksies met derde partye namens, en tot voordeel van, 'n ander entiteit (die prinsipaal) onderneem.*

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde van AERP.

Prinsipaal-agentreëling

- .06 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, sit die onderskeie verantwoordelikhede van die regering uiteen, en wys aktiwiteite toe aan verskillende regeringsfere of aan bepaalde soorte entiteite. Ondersteunende wetgewing binne elke regeringsfeer sit die mandaat, gesag, rolle en verantwoordelikhede van spesifieke entiteite uiteen vir die onderneming van die aktiwiteite wat in die Grondwet uiteengesit word. In baie gevalle lei hierdie wetgewing tot die totstandbrenging van afsonderlike entiteite om hierdie aktiwiteite te behartig. Dit is egter nie haalbaar om in alle gevalle afsonderlike entiteite tot stand te bring nie, en dit kan doeltreffender en effektiewer wees om ander entiteite te benut om bepaalde aktiwiteite te onderneem. Gevolglik laat entiteite bepaalde aktiwiteite dikwels deur 'n ander entiteit verrig, of onderneem aktiwiteite namens ander entiteite. Die finale verantwoordelikheid vir die verskillende aktiwiteite berus egter steeds by die entiteite wat in wetgewing geïdentifiseer is.
- .07 Indien hierdie reëlins bestaan, is dit belangrik om te bepaal watter entiteit vir die transaksies wat uit hierdie aktiwiteite voortspruit, verantwoordelik is en watter gevolglike inkomste, uitgawes, bates en/of laste erken moet word. Voorbeelde van tipiese reëlins waar een entiteit aktiwiteite namens 'n ander entiteit in die openbare sektor onderneem, kan die volgende insluit:
- Die invordering van inkomste, met inbegrip van belastings, gelde en ander koste van spesifieke partye, bv. motorvoertuiglisensiegelde wat deur munisipaliteite namens die provinsiale regering ingevorder word, en belastings wat deur die Inkomstediens vir die nasionale regering ingevorder word.
 - Die oprigting van bates, bv. huise wat vir begunstigdes van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram gebou word, vir nasionale en/of provinsiale behuisingsdepartemente en -organisasies.
 - Die voorsiening van goedere en dienste aan ontvangers, bv. die voorsiening van water aan spesifieke gemeenskappe deur munisipaliteite namens die watervoorsieningsowerheid.
 - Eiendomsbestuursdienste, waarby inbegryp kan wees die instandhouding van

eiendom en invordering van inkomste, vir die Departement van Openbare Werke en/of munisipaliteite.

- .08 Dienskonsessiereëlins kan 'n voorbeeld wees van 'n prinsipaal-agentreëling waar een party (die operateur, wat gewoonlik 'n privaatsektorentiteit is) bepaalde aktiwiteite namens die ander entiteit (die verlener, wat gewoonlik 'n openbaresektorentiteit is) met betrekking tot derde partye (die publiek) onderneem. 'n Entiteit moet bepaal of daar 'n prinsipaal-agentreëling bestaan, en of dit 'n prinsipaal of 'n agent in sodanige reëling is wat van hierdie Standaard gebruik maak.
- .09 Indien 'n entiteit 'n ander entiteit opdrag gee om 'n aktiwiteit namens hom te onderneem, moet hy oorweeg of hy 'n party by 'n prinsipaal-agentreëling is. Die omskrywing van 'n prinsipaal-agentreëling verwys na 'n entiteit wat namens 'n ander entiteit met betrekking tot transaksies met derde partye handel. In die afwesigheid van transaksies met derde partye is die reëling nie 'n prinsipaal-agentreëling nie, en die entiteit tree dan in 'n ander hoedanigheid as 'n agent op. Hierdie soort evaluering kan veral verband hou met die volgende twee scenario's wat dikwels in die openbare sektor voorkom:
- (a) Entiteite, veral nasionale en provinsiale departemente, word dikwels versoek om geld by openbare entiteite of ander agentskappe in te vorder en die geld daarna in die betrokke inkomstefonds te deponeer. Hoewel die departemente op die oog af aktiwiteite namens die inkomstefonds onderneem, is daar in sodanige reëlins geen spesifieke opdrag deur die inkomstefonds gegee met betrekking tot die transaksies met derde partye nie. As gevolg daarvan voldoen sulke reëlins waarskynlik nie aan die omskrywing van 'n prinsipaal-agentreëling nie.
 - (b) Die struktuur en werking van die openbare sektor beteken dat entiteite ander entiteite dikwels ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* beheer. Hoewel hierdie beheerverhoudings beteken dat die beheerde entiteit in staat is om die aktiwiteite van 'n entiteit so te bestuur dat hy uit daardie aktiwiteite voordeel trek, dui hierdie verhoudings nie op sigself op die bestaan van 'n prinsipaal-agentreëling nie. Slegs indien 'n beheerde entiteit 'n beheerende entiteit spesifiek opdrag gee om transaksies met derde partye tot sy voordeel te onderneem, sal daar 'n prinsipaal-agentreëling bestaan. In beheerverhoudings is dit vir een of meer prinsipaal-agentreëlins moontlik om binne die konteks van 'n beheerverhouding te bestaan.
- .10 In die konteks van hierdie Standaard sluit “transaksies met derde partye” die

AERP 109

aangaan van 'n spesifieke transaksie met 'n derde party in, bv. 'n verkoop- of kooptransaksie, maar dit sluit ook interaksie met derde partye in, bv. indien 'n agent in staat is om namens die prinsipaal met derde partye te onderhandel. Die aard van die transaksies met derde partye word gekoppel aan die soort aktiwiteite wat ooreenkomstig die bindende reëling deur die agent uitgevoer word. Hierdie aktiwiteite sou sake deur die agent met derde partye vir die verkryging of vervreemding van hulpbronne, of die ontvangs van hulpbronne van 'n derde party namens die prinsipaal kon insluit.

- .11 Prinsipaal-agentreëlings bestaan gewoonlik as gevolg van 'n bindende reëling tussen die partye by die reëling. Dit is onwaarskynlik dat 'n entiteit aktiwiteite namens 'n ander entiteit in die afwesigheid van 'n bindende reëling sal onderneem, aangesien die reëling regte en verpligtinge op die partye plaas om op 'n bepaalde manier op te tree.
- .12 Indien daar geen bindende reëling bestaan nie, word aanvaar dat die entiteit vir homself optree, eerder as namens 'n ander entiteit. As gevolg daarvan bestaan daar geen prinsipaal-agentreëling in die afwesigheid van 'n bindende reëling nie.

Prinsipaal en agent

- .13 'n Prinsipaal is 'n entiteit wat aan 'n ander (n agent) opdrag gee om ooreenkomstig 'n bindende reëling transaksies met derde partye te onderneem tot voordeel van die prinsipaal. Die fokus van hierdie Standaard is om vas te stel of een entiteit 'n ander opdrag gee met betrekking tot spesifieke transaksies met derde partye binne 'n bepaalde reëling, eerder as die oorweging of een entiteit opdrag gee of in oor algemeen die gesag oor 'n ander entiteit het (kyk paragraaf .09(b)).
- .14 Die omskrywing van 'n agent en prinsipaal gebruik die term “entiteit” om 'n party by 'n ooreenkoms breedweg te omskryf. Hoewel prinsipale en agente gewoonlik verslagdoenende entiteite is, kan 'n individu (n persoon) ook 'n prinsipaal of agent wees. Wetgewing kan bepaalde aktiwiteite aan 'n politieke ampsdraer, soos 'n minister van 'n bepaalde departement of die rekenpligtige beampte van 'n entiteit, eerder as aan 'n spesifieke entiteit toevertrou. Individue kan ook namens openbaresektorentiteite aktiwiteite uitvoer. Die vereistes van hierdie Standaard is ewe goed op sulke ooreenkomste met individue van toepassing. Aangesien individue egter nie verslagdoenende entiteite is nie, is dit belangrik om die verslagdoenende entiteit wat die individuele agent of prinsipaal in sulke omstandighede verteenwoordig, te identifiseer.
- .15 In bepaalde gevalle kan 'n entiteit vasstel dat 'n bepaalde bankrekening of fonds uit spesifieke transaksies wat in 'n reëling met derde partye onderneem word, voordeel

trek. Die entiteit of individu (of die entiteit wat hy of sy verteenwoordig) wat daardie fonds of bankrekening beheer, word geag die “entiteit” te wees wat ’n party by die reëling is.

Vasstelling of ’n entiteit ’n prinsipaal of ’n agent is

- .16** *Indien ’n entiteit ’n party by ’n prinsipaal-agentreëling is, moet hy vasstel of hy by die in rekening bring van inkomste, uitgawes, bates en/of laste wat uit transaksies met derde partye voortspruit en wat ooreenkomstig die reëling onderneem word, die prinsipaal of die agent is. Die beoordeling of ’n entiteit ’n prinsipaal of ’n agent is, vereis dat die entiteit moet vasstel of die transaksies wat hy met derde partye onderneem, tot voordeel van ’n ander entiteit of tot sy eie voordeel is.*

Bindende reëling

- .17** *’n Entiteit bepaal of hy ’n agent of ’n prinsipaal is deur die regte en verpligtinge van die onderskeie partye wat in die bindende reëling daargestel is, te evalueer.*
- .18** Prinsipaal-agentreëlings word deur ’n bindende reëling beheer. Die vereistes van hierdie bindende reëlings, veral die regte en verpligtinge wat vir die onderskeie partye daargestel is, belig ’n entiteit se beoordeling of hy transaksies vir eie gewin of tot voordeel van ’n ander entiteit onderneem. Die bepalinge en voorwaardes van die bindende reëling moet evalueer word om die rolle, verantwoordelikhede en bevoegdheid van partye vas te stel met betrekking tot die aktiwiteite en gevolglike transaksies wat ingevolge daardie reëling onderneem word.
- .19** Vir doeleindes van hierdie Standaard is ’n bindende reëling enige reëling wat afdwingbare regte en verpligtinge aan die onderskeie partye in die prinsipaal-agentreëling oordra en kan uit die volgende middele voortspruit:
- (a) ’n kontrak wat tussen die partye gesluit is;
 - (b) wetgewing of vergelykbare middele, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, wette, regulasies, beleide en beslissings wat gesaghebbendes soos die Kabinet, uitvoerende komitees, direksies of munisipale rade, geneem het, en ministeriële bevels; of
 - (c) deur regswerking, met inbegrip van die gemenereg.
- .20** In die openbare sektor kan die identifisering van ’n bindende reëling moeilik wees en vereis dikwels ’n beduidende mate van oordeel vanweë ’n gebrek aan formele ooreenkomste tussen entiteite. In die afwesigheid van (a) tot (c) hierbo kan ’n

reëling wat vir die onderskeie partye by die ooreenkoms regte en verpligtinge tot stand bring deur vorige aksies wat oor tyd tot gevolg het dat die een of die ander party geen realistiese alternatief het nie as om met betrekking tot die ooreenkoms op 'n bepaalde manier op te tree, ook aanleiding gee tot 'n bindende reëling.

- .21 'n Bindende reëling kan die term “prinsipaal” of “agent” vir spesifieke partye by die reëling gebruik. Selfs indien hierdie terme regtens aan spesifieke partye by die ooreenkoms toegeken word, moet 'n entiteit op grond op die beginsels in hierdie Standaard bepaal of die reëling 'n prinsipaal-agentreëling is en of die entiteit die prinsipaal of agent is.
- .22 ***Indien die bepalings van 'n bindende reëling gewysig word, moet elkeen van die partye by die ooreenkoms weer eens bepaal of hulle ooreenkomstig hierdie Standaard as 'n prinsipaal of 'n agent optree.***
- .23 Die beoordeling of 'n entiteit 'n prinsipaal of 'n agent is, word gegrond op die bepalings wat in die bindende reëling uiteengesit word. Indien daardie bepalings gewysig word, kan dit 'n verandering in klassifikasie as óf 'n prinsipaal óf 'n agent tot gevolg hê, of gevolge hê vir die erkenning en meting van inkomste, uitgawes, bates en/of laste. Enige veranderinge word met gebruik van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute rekeningkundig verantwoord.*

Bepaling watter entiteit uit die transaksies met derde partye bevoordeel word

- .24 ***Indien 'n entiteit in 'n prinsipaal-agentreëling tot die gevolgtrekking kom dat hy transaksies met derde partye tot voordeel van 'n ander entiteit onderneem, dan is hy die agent. Indien 'n entiteit oordeel dat hy nie die agent is nie, is hy die prinsipaal in die transaksies.***
- .25 ***'n Entiteit is 'n agent wanneer, met betrekking tot transaksies met derde partye, al drie die volgende maatstawwe aanwesig is, behalwe soos uiteengesit in paragraaf .26:***
- (a) ***Hy nie die bevoegdheid het om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksie te bepaal nie.***
 - (b) ***Hy nie die vermoë het om alle, of wesenlik alle, hulpbronne wat uit die transaksie voortspruit, tot sy eie voordeel te gebruik nie.***
 - (c) ***Hy nie aan veranderlikheid in die resultate van die transaksie blootgestel is nie.***

- .26** *Indien daar ingevolge wetgewing aan 'n entiteit spesifieke bevoegdhede toegeken is om die bepalings en voorwaardes van bepaalde transaksies te rig, word daar nie vereis dat die maatstawwe in paragraaf .25(a) oorweeg word om tot die gevolgtrekking te kom dat hy 'n agent is nie. Entiteite moet oordeel gebruik om vas te stel of sodanige bevoegdhede bestaan en of hulle toepaslik is om vas te stel of 'n entiteit 'n agent is.*
- .27** Om vas te stel watter entiteit die prinsipaal of die agent is, moet 'n entiteit bepaal of hy transaksies met derde partye tot voordeel van 'n ander entiteit of tot sy eie voordeel onderneem. 'n Entiteit bepaal met gebruik van die maatstawwe wat in paragraaf .25 aangestip is of hy die agent is. Indien die entiteit oordeel dat hy nie die agent is nie, is hy uit die aard van die saak die prinsipaal.
- .28** Om seker te maak of 'n entiteit 'n agent is, moet daarop gelet word of al drie die maatstawwe in paragraaf .25 aanwesig is. Daar kan egter gevalle wees waar wetgewing of iets gelykwaardigs bevoegdhede aan 'n entiteit verleen om die bepalings en voorwaardes van bepaalde transaksies vas te stel. Dit is veral die geval waar 'n entiteit in 'n regulatoriese hoedanigheid of as 'n wetstoepassingsagentskap optree. Indien hierdie bevoegdhede aan entiteite verleen word, sal die maatstawwe in paragraaf .25(a) waarskynlik nie 'n bruikbare determinant wees om vas te stel of 'n entiteit 'n agent of 'n prinsipaal is nie. In sulke gevalle is die maatstawwe in paragraaf .25(b) en (c) meer toepaslik, want al het hierdie entiteite die bevoegdheid om die wesenlike bepalings en voorwaardes vas te stel, is hulle dikwels nie in staat om alle hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, te gebruik wat uit die transaksie sal voortvloei nie, en is hulle ook nie blootgestel aan veranderlikheid in die resultate van die transaksies nie. Daar kan 'n sterk verband wees tussen die bevoegdhede wat aan entiteite verleen is om die bepalings en voorwaardes vir transaksies soos in paragraaf .25(a) beoog, te bestuur, en die omstandighede wat aanleiding kan gee tot die erkenning van debiteure of krediteure as 'n agent, soos in paragraaf .56 tot .58 verduidelik.
- .29** 'n Entiteit bepaal op grond van die transaksies met derde partye of hy die prinsipaal of die agent is. Dit vereis nie in alle gevalle van 'n entiteit om in elke individuele transaksie met derde partye te bepaal of hy die prinsipaal of die agent is nie. In plaas daarvan kan dit toepaslik wees om hierdie beoordeling vir spesifieke transaksietipes te doen waar hulle vergelykbare kenmerke deel, byvoorbeeld 'n spesifieke soort inkomstetransaksie, of 'n spesifieke soort uitgewettransaksie.

Bevoegdheid om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye vas te stel

- .30 Om 'n agent te wees, moet 'n entiteit nie oor die bevoegdheid beskik om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye te bepaal nie. Dit beteken dat hy nie die bevoegdheid moet hê om die uitslag van die transaksie te beïnvloed nie. Die uitslag van 'n transaksie is die ekonomiese voordele of dienspotensiaal (of albei) wat uit daardie transaksie voortspruit. Die ekonomiese voordele of dienspotensiaal kan derhalwe kwantitatief of kwalitatief wees.
- .31 Die kwantitatiewe uitslag van 'n transaksie verteenwoordig die monetêre bedrag van 'n transaksie en kan die volgende insluit:
- (a) Die bedrag wat deur die derde party betaal word vir goedere of dienste wat ontvang is, of die bedrag van enige belasting, heffing of ander bedrag wat betaal word.
 - (b) Die bedrag wat vir goedere of dienste wat verkry is, aan die derde party betaal word, of voordele wat as deel van 'n nie-uitruiltransaksie betaal is, bv. 'n maatskaplike voordeel.

- .32 Die kwalitatiewe resultaat van 'n transaksie kan die volgende insluit:
- (a) Die kwaliteit van 'n bepaalde artikel of diens wat deur die derde party ontvang word.
 - (b) Die administratiewe doeltreffendheid waarmee 'n spesifieke transaksie of aktiwiteit uitgevoer behoort te word.
 - (c) Die omvang van 'n artikel of diens wat aan die derde party gelewer word.
- .33 Indien 'n entiteit nie in staat is om byvoorbeeld oor die volgende aspekte te besluit nie, het hy nie die bevoegdheid om die wesenlike bepalings en voorwaardes van transaksies met derde partye te bepaal nie:
- (a) Watter goedere en dienste aan derde partye gelewer moet word, of van hulle verkry moet word; of watter belastings, heffings of ander bedrae op derde partye gehef moet word, of betalings wat aan hulle gemaak moet word.
 - (b) Aan wie goedere en dienste gelewer moet word, of van wie goedere en dienste verkry moet word; of op wie belastings, heffings of ander vorderings ingestel behoort te word, of aan wie betalings gemaak behoort te word. Dit vereis nie die identifikasie van spesifieke individuele derde partye nie, en sou groepe geaffekteerde derde partye kon wees.
 - (c) Die prys wat deur derde partye betaal moet word, of 'n ooreenkoms oor die prys wat aan derde partye betaal moet word; of die hoeveelheid belasting, heffings of ander bedrae wat derde partye moet betaal, of die omvang van betalings wat aan hulle gemaak moet word.
 - (d) Die kwaliteit van die goedere en dienste wat aan derde partye gelewer word of van hulle ontvang word. Dit kan minder toepaslik wees op transaksies wat op belastings, heffings, bedrae ontvang deur, of betaling deur of aan derde partye betrekking het.
- Hierdie lys is nie volledig nie.
- .34 Indien die entiteit belangrike besluite wat die resultate van die transaksie beïnvloed na 'n ander entiteit moet verwys, is dit 'n aanduiding dat hy nie die bevoegdheid het om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye te bepaal nie. Van entiteite kan dikwels vereis word om goedkeuring vir die onderneming van bepaalde transaksies van 'n ander gesag te ontvang voordat die transaksie finaal beklink word. 'n Entiteit moet bepaal of sodanige goedkeuring beskou word as die verlening van regulatoriese goedkeuring vir die aangaan van

die transaksie, en of dit beskou word die goedkeuring van die wesenlike bepalings en voorwaardes van daardie spesifieke transaksie.

Die vermoë om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat uit die transaksies met derde partye voortspruit, te gebruik

- .35 'n Entiteit beskik nie oor die vermoë om die hulpbronne wat uit die transaksies met derde partye voortspruit, te gebruik wanneer hy nie onbeperkte toegang tot daardie hulpbronne het nie en die hulpbronne nie tot sy eie voordeel kan benut nie.
- .36 Om vas te stel of 'n entiteit oor onbeperkte toegang beskik tot die hulpbronne wat uit die transaksies met derde partye voortspruit of nie, moet hy die ekonomiese inhoud van die regte en verpligtinge van die partye wat in die bindende reëling gespesifiseer word, bepaal. So byvoorbeeld dui die sluiting van 'n kontrak (of die ekwivalent daarvan) tussen partye nie op sigself daarop dat dít die partye is wat onbeperkte toegang het tot, en voordeel sal trek uit, die hulpbronne wat uit daardie kontrak voortspruit nie. Insgelyks beteken fisieke besit van 'n hulpbron deur 'n entiteit nie op sigself dat hy onbeperkte toegang tot daardie hulpbron het nie, aangesien besit aan daardie entiteit verleen kon gewees het ten einde sy verpligtinge kragtens die bindende reëling na te kom.
- .37 Die tipes hulpbronne wat uit transaksies met derde partye voortspruit, sou kon wissel na gelang van die aktiwiteite wat ooreenkomstig die bindende reëling onderneem moet word. Die hulpbronne wat uit transaksies met derde partye sou kon voortspruit, sluit die volgende in:
- Ontvangste wat op spesifieke goedere en dienste wat gelever is, betrekking het, of belastinge, heffings en ander bedrae.
 - Uitbetalings vir spesifieke goedere en dienste wat verkry word om die uitvoering van die transaksies met derde partye moontlik te maak. Die goedere en dienste wat verkry word, sou ook voorraad tot gevolg kon hê.
- .38 In die openbare sektor word dikwels van entiteite verlang om die opbrengste van bepaalde transaksies of aktiwiteite aan die betrokke inkomstefonds te betaal. Dit beteken op sigself nie dat die entiteit nie in staat is om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat uit die transaksies met derde partye voortspruit, te gebruik nie. 'n Entiteit sal moet bepaal of die vereiste om sekere opbrengste aan die Inkomstefonds te betaal, 'n kontantbestuursreëling is, en of die tipe opbrengste wat ingesamel is, van 'n spesifieke aard is (bv. belastinge, heffings, bepaalde boetes en ander vorderings wat in wetgewing uiteengesit is) en wat tot voordeel van die Inkomstefonds ingevorder word. Indien die betaling van die opbrengste aan die Inkomstefonds bloot in belang van die effektiewer bestuur van kontant is, kan die



AERP 109

entiteit steeds in staat wees om te toon dat hy al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, benut wat uit die transaksies met derde partye voortspruit.

- .39 Soos in paragraaf .25 aangetoon moet 'n entiteit nie die vermoë hê om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat uit die transaksies met derde partye voortspruit, te gebruik nie. In prinsipaal-agentreëlings word die agent dikwels toegelaat om 'n gedeelte van die inkomste terug te hou wat as gelde ingevorder word, bv. 'n kommissie of administrasie- of transaksiegeld, vir die diens wat gelewer is. Hierdie geld is gewoonlik nominaal met betrekking tot die totale inkomste wat ingevorder word, en as gevolg daarvan sal die entiteit nie oor die vermoë beskik om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat uit die transaksie voortspruit, te benut nie.

Blootstelling aan veranderlikheid in die resultate van transaksies met derde partye

- .40 Soos in paragraaf .30 hierbo aangetoon, is die resultate van die transaksie die ekonomiese voordele of dienspotensiaal (of albei) wat deur die aktiwiteit gegenereer word. 'n Entiteit se blootstelling aan die resultate van 'n transaksie verwys nie net na die ontvangs of opoffering van ekonomiese voordele of dienspotensiaal nie. Dit verwys ook na die eindresultaat wat bereik word deur die onderneming van 'n bepaalde transaksie. Hoewel resultate die spesifieke uitsette van 'n transaksie insluit, kan dit ook blootstelling aan breër gevolge insluit wat uit 'n transaksie voortspruit. 'n Entiteit word aan veranderlikheid in die resultate van die transaksie blootgestel wanneer hy blootstelling het aan sowel die positiewe as die negatiewe gevolge wat met daardie transaksie geassosieer word, en sulke blootstellings is nie beperk of vas nie. Daar kan 'n aantal faktore wees wat 'n entiteit in ag moet neem om vas te stel of hy aan die veranderlikheid in die resultate van transaksies blootgestel is. 'n Entiteit se blootstelling aan die veranderlikheid in die resultate van 'n transaksie is gewoonlik beperk indien:

- (a) 'n Ander party verantwoordelik is vir die vervulling van die regte en verpligtinge wat in die bindende reëling vasgestel is. Indien die voorsiening van 'n bepaalde artikel of diens byvoorbeeld die verantwoordelikheid van 'n spesifieke soort entiteit in wetgewing is, is dit waarskynlik dat ontvangers van daardie artikel of diens vir die lewering van daardie goedere of dienste op daardie entiteit sal staatmaak.
- (b) Die entiteit beperkte voorraadrisiko het, d.w.s. die risiko van diefstal, veroudering of ander verliese, asook veranderinge in waarde.
- (c) Die entiteit 'n vaste vergoeding of 'n vaste marge ontvang, bv. kommissie of administrasie- of transaksiekoste, vir die uitvoering van die transaksies.

- (d) Die entiteit nie blootgestel is aan wesenlike wanprestasierisiko nie, d.w.s. die risiko van gelde, belastings, heffings of ander bedrae wat nie deur derde partye betaal word nie.

Hierdie lys is nie volledig nie en ander faktore kan toepaslik wees by die evaluering van blootstelling aan veranderlikheid in die resultate van die transaksies met derde partye.

- .41 Sodra 'n entiteit met betrekking tot spesifieke transaksies met derde partye vasgestel het dat hy 'n agent of 'n prinsipaal is, pas hy die beginsels in paragraaf .42 tot .59 hier onder toe by die in rekening bring van die transaksies wat uit die reëling voortspruit.

Rekeningkunde deur 'n prinsipaal of 'n agent

- .42 'n Prinsipaal erken inkomste en uitgawes wat uit transaksies met derde partye in 'n prinsipaal-agentreëling voortspruit.**
- .43 'n Agent erken slegs daardie gedeelte van die inkomste en uitgawes wat hy in die uitvoering van die transaksies namens die prinsipaal ontvang of aangaan.**
- .44 'n Entiteit erken bates en laste wat uit prinsipaal-agentreëlings voortspruit ooreenkomstig die vereistes van ander Standaarde van AERP.**

Erkenning van inkomste en uitgawes as 'n prinsipaal of 'n agent

- .45 'n Entiteit bepaal, ooreenkomstig hierdie Standaard, of hy 'n prinsipaal of 'n agent is en bepaal sodoende die inkomste en uitgawes in sy finansiële state wat ooreenkomstig die tersaaklike Standaarde van AERP vir erkenning kwalifiseer. Indien 'n entiteit ooreenkomstig hierdie Standaard bepaal dat hy 'n prinsipaal is, bring hy inkomste en uitgawes wat uit die transaksies met derde partye voortspruit, in sy staat van finansiële prestasie in rekening. Die rede daarvoor is dat die transaksies met derde partye tot voordeel van die prinsipaal gesluit word. Omgekeerd, indien 'n entiteit 'n agent is, sal hy nie inkomste en uitgawes voortspruitend uit daardie transaksies met derde partye erken nie. Hy erken slegs namens die prinsipaal die inkomste en uitgawes wat met die onderneming van die transaksies geassosieer word.
- .46 Agente word gewoonlik vergoed vir die transaksies wat hulle namens hul prinsipale uitvoer. Vergoeding kan 'n verskeidenheid van vorms aanneem, en die bedrag kan vas of veranderlik wees. Vergoeding kan regstreeks van die prinsipaal ontvang word in die vorm van 'n kommissie of administrasie- of transaksiegelde vir die dienste wat hy in 'n uitruiltransaksie lewer, of hy kan onregstreeks vergoeding van 'n

derde party, soos 'n ander regeringsvlak, in 'n nie-uitruiltransaksie ontvang. Sommige reëlins kan bepaal dat, in plaas daarvan om 'n spesifieke vergoeding aan die agent te betaal, die agent daarop geregtig is om bepaalde gelde wat van derde partye (bv. verbruikers) ingevorder word, terug te hou. Hierdie tipes vergoeding kwalifiseer tipies vir erkenning as inkomste deur die agent, omdat die agent daardeur vergoed word vir transaksies wat namens die prinsipaal onderneem is.

- .47 Vergoeding behoort onderskei te word van bedrae wat aan die agent betaal word om hom te vergoed vir spesifieke koste wat aangegaan is, of wat namens die prinsipaal aangegaan moet word. Hierdie bedrae word nie as inkomste erken nie, omdat die verwante uitgawes wat aangegaan word, nie uitgawes van die agent is nie; enige goedere en dienste wat verkry is, of ander uitgawes wat aangegaan is, is derhalwe dié van die prinsipaal.
- .48 So byvoorbeeld kan dit aan 'n munisipaliteit opgedra word om as agent op te tree om die oprigting van laekostehuse namens 'n nasionale staatsdepartement te fasiliteer, waar die departement die munisipaliteit dan opdrag gee om sekere terugbetaalbare koste namens hom aan te gaan. Sodanige koste en die verwante invordering daarvan moet nie in die staat van finansiële prestasie van die munisipaliteit erken word nie. Enige gelde wat egter ten opsigte van die reëling aan die munisipaliteit betaalbaar is, bo en behalwe die verhalings van koste, kan ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* vir erkenning kwalifiseer. Insgelyks moet enige koste wat aangegaan word wat die bedrag wat ontvang word, oorskry, ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* geraam word.
- .49 Soos in paragraaf .43 opgemerk, erken 'n agent nie uitgawes wat hy namens die prinsipaal aangaan in sy staat van finansiële prestasie nie. Die resultaat van die transaksie met derde partye, in hierdie geval verskaffers, kom daarop neer dat die prinsipaal, en nie die agent nie, in staat is om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne wat met die transaksie te make het te gebruik.

Erkenning van bates en laste as 'n prinsipaal of 'n agent

- .50 Die beginsels in die tersaaklike Standaarde van AERP moet toegepas word by die erkenning van bates en laste wat uit 'n prinsipaal-agentreëling voortspruit, ongeag of 'n entiteit 'n prinsipaal of 'n agent is.
- .51 'n Prinsipaal-agentreëling bring dikwels mee dat die agent hulpbronne namens die prinsipaal hou ten einde transaksies met die betrokke derde partye te onderneem.

Dit kan beteken dat die agent bates en laste vir hierdie hulpbronne wat gehou word, moet erken. Dit kan ook vir 'n agent nodig wees om bates en laste te erken as gevolg van regte en verpligtinge wat uit prinsipaal-agentreëlins voortspruit. 'n Entiteit moet ander Standaarde van AERP raadpleeg om vas te stel of bates en laste wat uit prinsipaal-agentreëlins voortspruit (of daarmee verband hou), erken moet word.

Hulpbronne wat namens die prinsipaal gehou word

- .52 Die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* vereis, onder andere, dat 'n entiteit 'n bate as gevolg van 'n vorige gebeurtenis moet beheer voordat dit in die staat van finansiële stand erken kan word. Gevolglik bepaal 'n agent of die hulpbronne wat hy as gevolg van die onderneming van transaksies met derde partye namens die prinsipaal hou, onder sy beheer is en andersins ooreenkomstig ander Standaarde van AERP sal voldoen aan die omskrywing en erkenningsmaatstawwe vir sodanige bates.
- .53 Indien die bates wat 'n agent vir die prinsipaal hou, ononderskeibaar is van sy eie bates, kan dit vir die agent toepaslik wees om sodanige items as bates onder sy beheer te erken. Dit sal die geval wees waar voorraaditems homogeen is en nie afsonderlik geïdentifiseer kan word nie, soos watervoorraad wat deur die agent gehou word om aan sowel sy eie klante as dié van die prinsipaal te verskaf. 'n Ooreenstemmende las moet egter erken word waar daar 'n verpligting is om hulpbronne ten opsigte van bates wat gehou word, na die prinsipaal oor te dra.

Regte en verpligtinge wat uit prinsipaal-agentreëlins voortspruit

- .54 Indien 'n agent kontant of ander monetêre bates namens sy prinsipaal hou, is dit nodig om te bepaal of dit deur die agent as 'n bate erken behoort te word, met 'n ooreenstemmende aanspreeklikheid ten opsigte van die verpligting om die bedrae na die prinsipaal oor te dra. By die doen van hierdie evaluering neem die agent in ag of hy die kontant of ander bate wat hy hou, beheer (selfs as hierdie beheer tydelik is), en gevolglik of dit aan die omskrywing voldoen van 'n bate ooreenkomstig die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.
- .55 Indien daar van 'n agent vereis word om bedrae wat aan 'n prinsipaal of 'n ander entiteit verskuldig is in te vorder, moet oorweeg word of dit vir die agent gepas is om die bedrae wat ingevorder moet word, as 'n debiteur te erken, al dan nie, tesame met die ooreenstemmende aanspreeklikheid om die bedrae wat nog ingevorder moet word, aan die prinsipaal oor te betaal. Insgelyks kan dit vir 'n agent nodig wees om te oorweeg of hy 'n krediteur, tesame met 'n ooreenstemmende debiteur, moet erken vir bedrae wat hy namens die prinsipaal moet vereffen.

.56 Die bindende reëling sal gewoonlik 'n agent se verantwoordelikhede met betrekking tot die invordering van debiteure of die vereffening van krediteure uiteensit. In die meeste gevalle sal 'n agent se verantwoordelikhede beperk wees tot óf die werklike ontvangs óf die betaling van kontant. Wetgewing kan egter aan 'n bepaalde entiteit die uitsluitlike volmag verleen om 'n bepaalde tipe skuld in te vorder, of om sekere verpligtinge namens die staat na te kom. Die vereistes wat in wetgewing uiteengesit is, bring dikwels duidelike regte tot stand en lê aan spesifieke entiteite verpligtinge op oor die uitvoering van hierdie verantwoordelikhede. Die regte en verpligtinge wat in wetgewing vir verskillende entiteite vasgestel is, moet in ag geneem word om te bepaal of 'n agent debiteure en krediteure moet erken.

.57 'n Agent moet op grond van die regte en verpligtinge wat in die bindende reëling vasgestel is en ná oorweging van enige tersaaklike feite en omstandighede bepaal of dit gepas is om debiteure en krediteure te erken. Die volgende aanwysers kan nuttig wees by die bepaling of 'n agent 'n debiteur of 'n krediteur moet erken:

- (a) Die skuld is verskuldig aan, of verskuldig deur, die agent, d.w.s. die agent is die teenparty in die transaksie met die derde party.
- (b) Die agent het die wetlike reg om die invordering van die skuld af te dwing, of die agent het die regsverpligting om die skuld te vereffen.
- (c) Die agent stel die bedrag vas wat deur, of aan, die derde party betaal moet word op grond van die beleide wat deur die prinsipaal vasgestel is.
- (d) Die agent bepaal die wyse en tydsberekening van nakoming.
- (e) Die agent het die bevoegdheid en diskresie om skulde wat deur derde partye verskuldig is, af te skryf.
- (f) Die agent het 'n verpligting om bepaalde aktiwiteite te onderneem wat ingevolge die bindende reëling vereis word.

Die lys hierbo skets bloot aanwysers van wanneer dit vir 'n agent toepaslik kan wees om 'n debiteur of krediteur te erken. 'n Entiteit hoef derhalwe nie aan te toon dat hulle almal in elke geval aanwesig is nie.

.58 Indien 'n agent debiteure erken vir bedrae wat op grond van paragraaf .57 vir die prinsipaal ingevorder moet word, pas hy die Standaarde van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* en *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* (wat ook al toepaslik is), asook die Standaarde van AERP oor *Finansiële Instrumente* en *Statutêre Debiteure* (wat ook al toepaslik is) toe by die erkenning en meting van die debiteur. 'n Ooreenstemmende aanspreeklikheid word terselfdertyd en teen dieselfde bedrag erken. Die daaropvolgende meting van enige

debiteure of krediteure wat erken word, word vasgestel op grond van die toepaslike Standaard van AERP.

.59

Indien 'n agent krediteure erken vir verpligtinge wat namens die prinsipaal vereffen moet word, pas hy die Standaarde van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates of Finansiële Instrumente* (wat ook al toepaslik is) toe by die erkenning en meting van die krediteur. 'n Ooreenstemmende bate word terselfdertyd en teen dieselfde bedrag erken. Die daaropvolgende meting van enige debiteure of krediteure wat erken word, word vasgestel op grond van die toepaslike Standaard van AERP.

Aanbieding

.60

Indien bates en laste ooreenkomstig ander Standaarde van AERP deur 'n agent erken word met betrekking tot daardie transaksies wat hy namens sy prinsipaal onderneem, is dit ontoepaslik om die bates en laste wat erken word te verreken, tensy 'n ander Standaard van AERP die verrekening van sulke bedrae toelaat.

Openbaarmaking

.61

Bykomend tot die openbaarmakingsvereistes wat in paragraaf .62 tot .67 uiteengesit word, moet die openbaarmakingsvereistes van toepassing op inkomste, uitgawes, bates en/of laste wat ooreenkomstig ander Standaarde van AERP erken word, ook toegepas word. Die inligting wat ooreenkomstig hierdie Standaard openbaar gemaak word, moet vir elke wesenlike prinsipaal-agentreëling en in die geheel vir ander prinsipaal-agentreëlings verskaf word.

.62

'n Entiteit wat by 'n prinsipaal-agentreëling 'n party is, moet die volgende openbaar maak:

- (a) 'n beskrywing van die reëling, met inbegrip van die transaksies wat onderneem word;*
- (b) of die entiteit die prinsipaal of die agent is, en enige beduidende oordeel wat aangewend word by die doen van hierdie evaluering;*
- (c) belangrike bepalinge en voorwaardes van die reëlings en of enige veranderinge gedurende die verslagdoeningstydperk plaasgevind het; en*
- (d) 'n verduideliking van die doel met die prinsipaal-agentverhouding en enige beduidende risiko's (met inbegrip van enige risikoverminderingstrategieë), asook voordele wat met die verhouding geassosieer word.*

Openbaarmaking deur agente

.63 *'n Entiteit wat in 'n prinsipaal-agentreëling die agent is, moet die volgende in die aantekeninge by die finansiële state openbaar maak:*

(a) 'n beskrywing van enige hulpbronne (met inbegrip van die drawaarde en beskrywing van enige bates wat erken is) wat namens 'n prinsipaal gehou word, maar in die agent se eie finansiële state erken word. Sodanige openbaarmaking moet die volgende insluit:

(i) die remittering van enige hulpbronne gedurende die tydperk, asook die verwagte tydsberekening van remittering van enige oorblywende hulpbronne aan die prinsipaal; en

(ii) risiko's wat van die prinsipaal na die agent oorgedra word (indien daar is), met inbegrip van risiko's wat as gevolg van sy kuratorskap oor die hulpbronne wat namens 'n prinsipaal gehou word, na die entiteit vloei;

(b) die totale bedrag van die inkomste wat die entiteit erken as vergoeding vir die transaksies wat namens die prinsipaal uitgevoer word; en

(c) 'n beskrywing van enige laste wat namens 'n prinsipaal aangegaan word en wat deur die entiteit erken is, asook enige ooreenstemmende regte op terugbetaling wat as bates erken is.

.64 *'n Agent moet in die aantekeninge by die finansiële state inligting openbaar maak oor die inkomste en uitgawes wat betrekking het op transaksies met derde partye en wat ingevolge die prinsipaal-agentreëling onderneem is. 'n Agent moet die volgende openbaar maak:*

(a) Die kategorie inkomste wat ontvang word of ontvang moet word, asook die kategorie uitgawes wat namens die prinsipaal betaal of opgeloopt is.

(b) Die inkomstebedrag wat ontvang word of ontvang moet word, asook die uitgawebedrag wat gedurende die verslagdoeningstydperk per kategorie inkomste of uitgawes namens die prinsipaal betaal of opgeloopt is.

.65 *Indien 'n agent debiteure of krediteure ooreenkomstig paragraaf .57 erken, moet hy 'n rekonsiliasie van die drabedrag van die debiteur of die krediteur aan die begin en die einde van die tydperk verskaf waarin die volgende getoon word:*

(a) Vir debiteure:

(i) Die inkomstebedrag waarop die prinsipaal geregtig is.

- (ii) Die waarde van enige afskrywings, vereffenings of kwytskeldings van bedrae wat die bedrag verminder waarop die prinsipaal geregtig is.*
- (iii) Die kontantbedrag wat namens die prinsipaal ontvang is.*
- (b) Vir krediteure:*
 - (i) Die bedrag van enige uitgawes wat namens die prinsipaal aangegaan is.*
 - (ii) Die kontantbedrag wat namens die prinsipaal betaal is.*

.66 *'n Entiteit verskaf die openbaarmakings in paragraaf .64 en .65 indien hierdie inligting vir gebruikers nuttig is by die bepaling van die rekenpligtigheid van die agent met betrekking tot die transaksies wat in 'n prinsipaal-agentreëling met derde partye aangegaan is.*

Openbaarmaking deur prinsipale

- .67** *'n Entiteit wat in 'n prinsipaal-agentreëling die prinsipaal is, moet die volgende openbaar maak:*
- (a) die hulpbronne (met inbegrip van bates en laste) van die entiteit wat onder die kuratorskap van 'n agent is, en of daardie hulpbronne deur die agent erken is al dan nie, asook enige hulpbronne wat gedurende die tydperk geremitteer is tesame met die verwagte tydsberekening van geremitteer van enige oorblywende hulpbronne terug na die entiteit (waar toepaslik) of na derde partye;*
 - (b) die gelde wat as vergoeding aan die agent betaal is; en*
 - (c) 'n bespreking van die hulpbron- of koste-implikasies vir die prinsipaal indien die prinsipaal-agentreëling beëindig word.*

Oorgangsbepalings

.68 *Die oorgangsbepalings wat entiteite by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard moet toepas, word in (’n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet in samehang met elke toepaslike lasgewing saam gelees word.*

Datum van inwerkingtrede

.69 *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van*



AERP 109

Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.

Bylae A - Illustreerende riglyne en voorbeelde

Hierdie bylae is slegs verduidelikend illustreerend en maak nie deel uit van die Standaard nie. Die doel met die bylae is om die toepassing van die Standaard te illustreer en om te help om die betekenis daarvan te verduidelik.

Identifisering van transaksies met derde partye

Voorbeeld 1: Identifisering van transaksies met derde partye

Provinsiale Departement A is volgens wetgewing regstreeks verantwoordelik vir die verskaffing van behuising in 'n bepaalde provinsie. Die departement het 'n behuisingsprojek in Dorp X geïdentifiseer en die nodige goedkeuring is vir die onderneming daarvan ontvang. Dorp X val binne die grense van Munisipaliteit B.

Provinsiale Departement A gaan 'n kontraktuele reëling met Munisipaliteit B aan om hom by te staan met die oprigting van die huise vir die behuisingsprojek, en oorhandig die voltooide huise aan die begunstigdes van die projek. Munisipaliteit B ontvang 'n bedrag van R1 000 per huis vir die werk. Provinsiale Departement A het duidelike spesifikasies vir die huise opgestel en aangedui watter individue vir huise in aanmerking kan kom, asook die prys wat deur die individuele begunstigdes (indien daar is) betaal moet word. Enige bedrae wat deur die begunstigdes betaal word, moet aan Provinsiale Departement A betaal word.

Die kontrak wat tussen Provinsiale Departement A en Munisipaliteit B gesluit word, bepaal dat Munisipaliteit B voltooide huise aan die betrokke begunstigdes van die projek lewer, en wel teen 'n vaste bedrag per huis. Die kontrak vereis dat die munisipaliteit Provinsiale Departement A in kennis stel sodra 'n huis deur 'n begunstigde betrek word, en enige bedrae invorder wat deur die betrokke begunstigde betaalbaar is. Bedrae wat in hierdie verband aan Provinsiale Departement A betaal word, is beperk tot die bedrae wat werklik deur die munisipaliteit ontvang word.

Ontleding

Veronderstel dat die ontleding uit die perspektief van Munisipaliteit B onderneem is.

Die munisipaliteit moet bepaal of 'n prinsipaal-agentreëling bestaan.

Daar is drie tipes transaksies wat Munisipaliteit B vir Provinsiale Departement A onderneem:

- Hy bou huise volgens die nodige spesifikasies teen 'n vaste bedrag per huis.

- Hy administreer die proses van oorhandiging van die voltooide huise aan die begunstigdes wat deur Provinsiale Departement A geïdentifiseer is, en ontvang 'n bedrag van R1 000 per oorhandiging wat geadministreer word.
- Hy vorder enige gelde wat deur begunstigdes aan die Provinsiale Departement verskuldig is, in.

'n Prinsipaal-agentreëling is 'n reëling waar een entiteit aan 'n ander een opdrag gee om namens hom transaksies met derde partye te onderneem.

Oprigting van huise

Die munisipaliteit is verantwoordelik vir die oprigting van huise vir geïdentifiseerde begunstigdes teen 'n vaste bedrag. Die munisipaliteit is derhalwe verantwoordelik vir die werklike bou van die huise en tree dus as kontrakteur op (ongegag of hy fisies die bouwerk self doen of 'n kontrakteur aanstel). As kontrakteur is die munisipaliteit verantwoordelik vir die verkryging van die tersaaklike goedere en dienste van verskaffers en diensverskaffers om die huise te bou. Die munisipaliteit tree nie namens Departement A op met betrekking tot die verskaffers of diensverskaffers nie, en gevolglik is hierdie transaksie nie die onderwerp van 'n prinsipaal-agentreëling nie.

Oorhandiging van die voltooide huise

Die munisipaliteit rig huise vir Provinsiale Departement A op om aan sy begunstigdes beskikbaar te stel. Munisipaliteit B is verantwoordelik vir die administrering van die proses van oorhandiging van die voltooide huise aan die begunstigdes van die behuisingsprojek wat deur Provinsiale Departement A geïdentifiseer is. In hierdie voorbeeld onderneem die munisipaliteit transaksies met derde partye namens 'n ander entiteit, d.w.s. die beskikbaarstelling van huise van Departement A aan begunstigdes van die behuisingsprojek. Hierdie transaksies is derhalwe die onderwerp van 'n prinsipaal-agentreëling, en die huise word as voorraad van Provinsiale Departement A behandel.

Invordering van gelde betaalbaar deur die begunstigdes

Die munisipaliteit is verantwoordelik vir die invordering van enige gelde wat deur die begunstigdes verskuldig is vir die huise waarvan hulle okkupasie geneem het. Enige gelde wat ingevorder word, word deur Munisipaliteit B aan Provinsiale Departement A betaal. Aangesien die munisipaliteit 'n transaksie met 'n derde party namens 'n ander party onderneem, d.w.s. bedrae word deur Munisipaliteit B onder behuisingsbegunstigdes ingevorder om aan Provinsiale Departement A te betaal, is hierdie transaksies die onderwerp van 'n prinsipaal-agentreëling.

Prinsipaal-agentreëlings wat met die invordering van inkomste verband hou

Voorbeeld 2A: Invordering van inkomste

Scenario

Die provinsiale regering is deur die onderskeie provinsiale departemente van vervoer 'n mandaat gegee om motorvoertuiglisensiegeld op 'n jaargrondslag in te vorder. Die provinsiale departemente stel die bedrag vas wat jaarliks deur elke motorvoertuigeienaar betaalbaar is, wat wissel na gelang van die tipe motorvoertuig wat gelisensieer moet word.

Om betaling van die motorvoertuiglisensies te vergemaklik gaan die provinsiale departemente 'n kontraktuele reëling met munisipaliteite oor die hele land aan om hierdie taak namens hulle te onderneem. Ooreenkomstig die reëling:

- reik provinsiale departemente die motorvoertuiglisensiehernuwingsvorm aan die onderskeie eienaars van die motorvoertuie uit, met 'n aanduiding van die verskuldigde bedrag vir die jaar;
- verskaf die munisipaliteite geriewe vir eienaars van motorvoertuie waar hul lisensies betaal kan word;
- verskaf provinsiale departemente aan die munisipaliteite toegang tot hul IT-stelsels sodat hulle die bedrae wat ontvang word, kan vaslê en die motorvoertuiglisensies namens hulle kan uitreik, en genereer die stelsel die motorvoertuiglisensie outomaties by vaslegging van die betaling van die gelde wat verskuldig is;
- vorder die munisipaliteite die gelde verskuldig deur motorvoertuigeienaars in en reik gelyktydig die nuwe lisensies namens die provinsiale departement uit;
- word van die munisipaliteite verwag om enige inkomste (kontant) wat ten opsigte van motorvoertuiglisensies ingevorder word, aan die provinsiale regering oor te betaal;
- is die munisipaliteite daarop geregtig om 5% van die kontant wat namens die provinsiale departemente vir hierdie aktiwiteit ingevorder word te behou.

Ontleding

Die reëling is 'n prinsipaal-agentreëling aangesien een entiteit (die provinsiale departement) 'n ander (die munisipaliteit) opdrag gee om transaksies met derde partye (motorvoertuigeienaars) namens hom te onderneem.

Elke entiteit moet toets of hy 'n agent in die reëling is. Die bespreking wat volg, skets die oorwegings uit die perspektief van die munisipaliteite. Die munisipaliteit kan tot die gevolgtrekking kom dat hy 'n agent is indien:

- (a) hy nie die bevoegdheid het om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye vas te stel nie (Die provinsiale departemente moet die hernuwingskennisgewings uitreik en op grond daarvan vasstel wie gedurende die tydperk motorvoertuiglisensies moet betaal, asook die verskuldigde bedrag.);
- (b) hy nie in staat is om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat uit die transaksies met derde partye voortspruit te benut nie (In hierdie geval is die transaksies met derde partye beperk tot die invordering van die motorvoertuiglisensiegelde wat verskuldig is, en dus is die resultaat van die transaksie enige kontant wat as inkomste ingevorder is. Die munisipaliteit is nie daarop geregtig om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, te gebruik wat uit hierdie transaksies voortspruit nie, aangesien hy slegs geregtig is op 5% van die totale kontantbedrag wat ingesamel word.);
- (c) hy nie aan veranderlikheid in die resultate van die transaksies met derde partye blootgestel is nie (Die munisipaliteit is nie blootgestel aan kwantitatiewe of kwalitatiewe resultate uit die transaksies met derde partye nie, aangesien (i) die stelsel wat deur die provinsiale departemente bedryf word, die lisensie outomaties genereer en derhalwe is enige foute of ander tekortkominge in die lisensie die verantwoordelikheid van die betrokke provinsiale departement; en (ii) die munisipaliteit slegs aanspreeklik is vir oorbetaling van die werklike kontant wat ingevorder word en derhalwe nie blootgestel is aan enige finansiële veranderlikheid in die transaksie nie. Let wel: Die feit dat die munisipaliteit 'n vaste vergoeding vir die lewering van hierdie diens ontvang, en die vraag of die 5% voldoende is om die koste van die verskaffing van die diens te dek, word nie in hierdie beoordeling in ag geneem nie. Slegs die resultate van die transaksies met die derde partye, d.w.s. die motorvoertuigeienaars, word in ag geneem.).

Die munisipaliteit is die agent in die reëling en bring die volgende in sy finansiële state in rekening:

Uitwerking op die finansiële state

Op grond van die ontleding hierbo moet die munisipaliteit die volgende in sy finansiële state erken:

- As inkomste: die 5%-vergoeding wat uit die invordering van die kontant verdien word.

- As uitgawes: enige koste wat hy aangaan in die verskaffing van die diens, bv. werknemerkoste, waardevermindering op bates, ens.
- As 'n bate: enige kontant wat in sy bankrekening gehou word vir bedrae wat na die provinsiale departemente oorgeplaas moet word.
- As 'n las: die kontantbedrag wat in sy bankrekening gehou word vir oorplasing na die provinsiale departemente.

Voorbeeld 2B: Invordering van inkomste

Scenario

Ingevolge wetgewing is Departement X die lynministerie verantwoordelik vir die uitreiking van lisensies aan maatskappye wat Aktiwiteit Y wil onderneem. Hy bring Openbare Entiteit A tot stand en verleen daaraan die nodige bevoegdhede en verantwoordelikhede om Aktiwiteit Y te reguleer en die tersaaklike lisensies uit te reik. Ingevolge wetgewing word van Openbare Entiteit Y vereis om regulasies op te stel wat die uitreiking van die lisensies reguleer, met inbegrip van die vasstelling van die lisensiëringsvoorwaardes, watter maatskappye lisensies moet verkry en, op 'n jaargrondslag, die vasstelling van die lisensiegeld wat betaalbaar is.

Wetgewing vereis dat enige gelde wat vir die onderneming van Aktiwiteit Y ingevorder word, regstreekse ontvangste van die betrokke inkomstefonds moet wees. Van Openbare Entiteit A word verlang om enige kontant wat ingevorder word, aan die inkomstefonds oor te betaal. Openbare Entiteit A ontvang 'n oordragbetaling van Departement X om die aktiwiteite wat hy onderneem, namens hom te befonds.

Ontleding

Die reëling is 'n prinsipaal-agentreëling aangesien een entiteit (Departement X) 'n ander (Openbare Entiteit Y) opdrag gee om transaksies met derde partye (om lisensies aan maatskappye vir Aktiwiteit Y uit te reik) namens hom te onderneem.

Elke entiteit moet met betrekking tot die lisensiegelde wat ingevorder word, toets of hy 'n agent in die reëling is. Die bespreking wat volg, skets die oorwegings uit die oogpunt van Openbare Entiteit A. Vir Openbare Entiteit A om tot die slotsom te kom dat hy 'n agent is, moet die volgende aanwesig wees:

- (a) Hy het nie die bevoegdheid om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye vas te stel nie. Aan Openbare Entiteit A word in wetgewing spesifieke bevoegdhede verleen om Aktiwiteit Y te "reguleer" deur die uitreiking van lisensies aan kwalifiserende maatskappye. As sodanig is hy in staat om die bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye vas te stel. Paragraaf .27 en .28 dui aan dat waar spesifieke bevoegdhede aan entiteite verleen

word om die bepalings en voorwaardes van spesifieke transaksies vas te stel, byvoorbeeld as 'n reguleerder, dit nie vir 'n entiteit relevant kan wees om vas te stel dat daar aan hierdie vereiste voldoen word nie. As gevolg daarvan moet Openbare Entiteit A ingestel fokus op maatstaf (b) en (c) om te oordeel of hy met betrekking tot die gelde wat ingevorder word, as 'n prinsipaal of 'n agent optree.

- (b) Hy nie in staat is om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat uit die transaksies met derde partye voortspruit, te benut nie. Wetgewing toon aan dat enige lisensiegelde wat ingevorder word, ten bate van die Inkomstefonds is. As sodanig is Openbare Entiteit nie in staat om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, te benut wat met die transaksies met derde partye verband hou nie.
- (c) Hy is nie blootgestel aan veranderlikheid in die resultate van die transaksies met derde partye nie: Van Openbare Entiteit A word bloot verwag om enige kontant wat ingevorder word, oor te betaal, en as sodanig dra hy geen risiko met betrekking tot niebetaling nie. Hy kan blootgestel wees aan veranderlikheid indien die proses van uitreiking van lisensies gebrekkig is, of indien van die lisensies self gebrekkig is.

Gegrand op die ontleding hierbo is Openbare Entiteit A 'n agent. As gevolg daarvan bring hy die volgende in sy finansiële state in rekening:

Uitwerking op die finansiële state

Op grond van die ontleding hierbo moet die munisipaliteit die volgende in sy finansiële state erken:

- As inkomste: die oordragbetaling wat hy van Departement X ontvang om Aktiwiteit Y namens hom te reguleer.
- As uitgawes: enige koste wat hy aangaan in die regulering van Aktiwiteit Y, bv. werknemerkoste, waardevermindering op bates, ens.
- As 'n bate: enige kontant wat in sy bankrekening gehou word vir bedrae wat as lisensiegelde na Departement X oorgeplaas moet word. {L.W.: Hierdie voorbeeld aanvaar dat 'n debiteur nie ooreenkomstig paragraaf .57 erken moet word nie.}
- As 'n las: Die kontantbedrag wat in sy bankrekening gehou word vir oorplasing na die provinsiale departemente.

Prinsipaal-agentreëling wat met die aangaan van uitgawes verband hou

Voorbeeld 3A: Dienste wat met konstruksieprojekte verband hou

Scenario A: Gebruik van inligting wat in voorbeeld 1 vir die prinsipaal-agenttransaksies uiteengesit word

Voorbeeld 1 dui aan dat Munisipaliteit B ingevolge die prinsipaal-agentreëling die volgende prinsipaal-agenttransaksies vir Provinsiale Departement A onderneem:

- Hy administreer die proses van oorhandiging van die voltooide huise aan die begunstigdes wat deur Provinsiale Departement A geïdentifiseer is, en ontvang 'n bedrag van R1 000 per oorhandiging wat geadministreer word.
- Hy vorder enige gelde in wat deur begunstigdes aan die Provinsiale Departement verskuldig is.

Ontleding

Elke entiteit moet toets of hy 'n agent in die reëling is. Die bespreking wat volg, skets die oorwegings uit die perspektief van die munisipaliteite.

Die munisipaliteit kan tot die gevolgtrekking kom dat hy 'n agent is indien die volgende geld:

- (a) Hy het nie die bevoegdheid om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye vas te stel nie.
- (b) Hy nie in staat is om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat uit die transaksies met derde partye voortspruit, te benut nie.
- (c) Hy is nie blootgestel aan veranderlikheid in die resultate van die transaksies met derde partye nie.

Indien daar twee verskillende transaksies met derde partye is, moet die ontleding vir elke tipe transaksie onderneem word (hoewel daar raakpunte tussen die twee tipes transaksies is). Die tabel hier onder sit die oorwegings met betrekking tot elke transaksie uiteen:

Maatstawwe	Administrasie van die oorhandiging van huise	Invoordering van bedrae verskuldig deur begunstigdes
Bevoegdheid om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye vas te stel	Die munisipaliteit stel nie (a) die tipe of kwaliteit van huise vas wat aan die begunstigdes in die program oorgedra word nie, of (b) identifiseer nie begunstigdes wat huise behoort te ontvang nie. Provinsiale Departement A stel albei hierdie aspekte vas.	Die munisipaliteit stel nie die wesenlike bepalings en voorwaardes van die kontrak vas nie, aangesien Provinsiale Departement A die begunstigdes van die program identifiseer, en bepaal hoeveel deur elke begunstigde betaal moet word.
Die vermoë om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne wat uit die transaksie met 'n derde voortspruit, te gebruik	Die munisipaliteit het nie die vermoë om die hulpbronne wat uit die transaksie voortspruit, te benut nie, aangesien hy (a) nie in staat is om te bepaal wie uit die transaksie voordeel trek nie en derhalwe nie die hulpbronne kan gebruik om sy doelwitte te bereik nie, en (b) slegs geregtig is op 'n nominale bedrag vir die administrering van die oorhandigingsproses en nie daarop geregtig is om enige vergoeding van die begunstigdes te ontvang vir	Van die munisipaliteit word verlang om enige bedrae wat deur hom ontvang word, aan die Provinsiale Departement te betaal. As gevolg daarvan kan hy nie die hulpbronne wat uit die transaksie voortspruit, gebruik nie.

AERP 109

	die huise wat oorgedra is nie.	
Blootstelling aan veranderlikheid in die resultate van die transaksie met 'n derde party	Die munisipaliteit word nie aan enige veranderlikheid in die resultaat van die oorhandigingsproses aan begunstigdes blootgestel nie. Provinsiale Departement A spesifiseer die tipe en kwaliteit van die huise wat verskaf word, en as 'n begunstigde derhalwe nie tevrede is met die huis wat ontvang word nie, is die departement verantwoordelik vir regstelling van die situasie. Enige gebreke in die bouwerk bly ooreenkomstig die kontraktuele reëling tussen die munisipaliteit en die departement die verantwoordelikheid van Munisipaliteit B.	Van die munisipaliteit word verwag om slegs die bedrae wat hy van die begunstigdes ontvang het, aan Provinsiale Departement A oor te betaal. Die munisipaliteit is derhalwe nie blootgestel aan die veranderlikheid in die resultate van die transaksie nie.
Gevolgtrekking	Munisipaliteit B is die agent in hierdie transaksie.	Munisipaliteit B is die agent in hierdie transaksie.

Die munisipaliteit is die agent in die reëling en bring die volgende in sy finansiële state in rekening:

Uitwerking op die finansiële state

Op grond van die ontleding hierbo moet die munisipaliteit die volgende in sy finansiële state erken:

- As inkomste: die R1 000-gelde wat verdien is uit die invordering van die kontant vir die administrering van die oorhandiging van elkeen van die huise.
- As uitgawes: enige koste wat hy aangaan in die verskaffing van die administrasie- en invorderingsdiens, bv. werknemerkoste, waardevermindering op bates, ens.
- As 'n bate: enige kontant wat in sy bankrekening gehou word vir bedrae wat van begunstigdes ontvang is vir oorplasing na Provinsiale Departement A.
- As 'n las: Die kontantbedrag wat in sy bankrekening gehou word vir oorplasing na die Provinsiale Departement.

Scenario B: Met gebruik van die inligting wat in voorbeeld 1 geskets is vir die oprigting van die huise

Hier word dieselfde inligting gebruik as in voorbeeld 1, behalwe dat vir die oprigting van huise Munisipaliteit B nie die huise teen vergoeding oprig nie, maar die projektebestuur van

die oprigting van die huise behartig en 2% van die totale projekbesteding ontvang wat elke maand aangegaan word.

In hierdie scenario word Munisipaliteit B versoek om die volgende aktiwiteite namens Provinsiale Departement A te onderneem:

- Verskaffing van projekbestuursdienste aan Provinsiale Departement A met betrekking tot die oprigting van die huise.
- Die omvang van die projekbestuursdienste behels (a) skakeling met verskaffers en kontrakteurs wat deur Provinsiale Departement A aangestel is, (b) bestuurs- en moniteringswerk wat ingevolge daardie kontrakte uitgevoer is, en (c) die bestuur van betalings van die departement aan die betrokke verskaffers en kontrakteurs sodra die ingenieur wat deur die departement aangestel is, die werk as afgehandel gesertifiseer het. Departement A vergoed Munisipaliteit A vir enige betalings wat aan verskaffers of kontrakteurs gemaak is.

Ontleding

Elke entiteit moet toets of hy 'n agent in die reëling is. Die bespreking wat volg, skets die oorwegings uit die perspektief van die munisipaliteit.

Die munisipaliteit kan tot die gevolgtrekking kom dat hy 'n agent is indien die volgende aanwesig is:

- (a) Hy het nie die bevoegdheid om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye vas te stel nie. Die munisipaliteit skakel met en bestuur die prestasie van die kontrakteurs en verskaffers wat deur Provinsiale Departement A aangestel is. As sodanig bepaal Provinsiale Departement A, en nie Munisipaliteit B nie, die beduidende bepalings en voorwaardes met die derde partye (verskaffers en kontrakteurs).
- (b) Hy nie in staat is om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat uit die transaksies met derde partye voortspruit, te benut nie. Die verskaffers en kontrakteurs verskaf goedere en dienste aan Provinsiale Departement A vir behuisingsontwikkeling. Munisipaliteit B bestuur bloot die uitset van daardie kontrakte en is nie in staat om voordeel te trek uit daardie goedere en dienste wat gelewer is nie. Hoewel die munisipaliteit 'n persentasie ontvang van die projekbesteding wat in die jaar aangegaan is, is die vergoeding marginaal met betrekking tot die hulpbronne wat uit die transaksie voortspruit. Die munisipaliteit is derhalwe nie in staat om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat uit die transaksies voortspruit te benut nie.

- (c) Hy is nie blootgestel aan veranderlikheid in die resultate van die transaksies met derde partye nie. Aangesien Provinsiale Departement A die kontrakte met die verskaffers en kontrakteurs gesluit het, het hy ingestem tot die aard, tipe, kwaliteit en prys van die goedere en dienste wat verskaf word. Munisipaliteit B is derhalwe nie blootgestel aan enige risiko dat die hulpbronne (of die eindproduk) wat uit die transaksies voortvloei, onaanvaarbaar sal wees nie. Provinsiale Departement A vergoed Munisipaliteit B ook vir enige betalings wat aan verskaffers of krediteure gemaak word, en gevolglik is daar ook geen blootstelling met betrekking tot die betalings wat gemaak word nie.

Die munisipaliteit is die agent in die reëling en bring die volgende in sy finansiële state in rekening:

Uitwerking op die finansiële state

Op grond van die ontleding hierbo moet die munisipaliteit die volgende in sy finansiële state erken:

- As inkomste: die vergoeding van 2% wat verdien word op projekuitgawes wat gedurende die jaar aangegaan is. Die bedrae wat as terugbetalings aan Provinsiale Departement A betaal is, word nie in die finansiële state van Munisipaliteit B as inkomste erken nie aangesien hulle terugbetalings is van betalings aan verskaffers en kontrakteurs vir Provinsiale Departement A.
- As uitgawes: enige koste wat hy vir die verskaffing van die projekbestuursdiens aangaan, bv. werknemerkoste, waardevermindering op bates, ens. Die uitbetalings wat aan verskaffers en kontrakteurs van Provinsiale Departement A gemaak word, is nie uitgawes van die munisipaliteit nie en word derhalwe nie in Munisipaliteit B se finansiële state weergegee nie.
- As 'n bate: Enige bedrae wat vir Provinsiale Departement A aan verskaffers en kontrakteurs betaal word, moet deur die departement terugbetaal word.

Voorbeeld 3B: Uitbetaling van kontanttoelaes

Scenario

Departement S is verantwoordelik vir die maandelikse uitbetaling van ouderdomspensioene in Provinsie Y. Departement S bring Entiteit T tot stand om nuwe aansoeke te administreer en om die werklike maandelikse uitbetalings aan pensioentrekkers te behartig.

Departement S het duidelike riglyne oor die pensioenskema neergelê waarin aangedui word wie vir ouderdomspensioene in aanmerking kan kom, asook die pensioenbedrae wat betaal moet word. Entiteit T is verantwoordelik vir die administrering van nuwe aansoeke

en die aanvaarding van nuwe pensioenarisse indie skema op grond van die riglyne wat Departement S ontwikkel het. Die riglyne toon aan dat alle nuwe toetreders wat teen die 20ste van elke maand in die skema aanvaar word, daarop geregtig is om in die volgende maand 'n pensioen te ontvang. Departement S dra op die 15e van elke maand geld na Entiteit T oor vir uitbetaling aan die betrokke begunstigdes. Departement S en Entiteit T het ook 'n diensleweringsooreenkoms onderteken waarin die kwaliteit van die diens wat gelewer moet word, met inbegrip van die aansoekverwerkingstyd, die wagtyd van begunstigdes in rye om voordele te ontvang, ens. uiteengesit word. Regstellende stappe kan deur Departement S ingestel word indien Entiteit T nie hierdie vereistes nakom nie.

Departement S maak 'n oordragbetaling aan Entiteit T om die koste te dek van die administrering van die aansoeke en die uitbetalingsproses.

Ontleding

Die reëling is 'n prinsipaal-agentreëling aangesien een entiteit (Departement S) 'n ander (Entiteit T) opdrag gee om namens hom transaksies met derde partye (uitbetaling van ouderdomspensioene) te onderneem.

Elke entiteit moet toets of hy 'n agent in die reëling is met betrekking tot die pensioene wat uitbetaal word. Die bespreking wat volg, skets die oorwegings uit die oogpunt van Entiteit T. Vir Entiteit T om tot die slotsom te kom dat hy 'n agent is, moet die volgende aanwesig wees:

- (a) Hy het nie die bevoegdheid om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye vas te stel nie. Hoewel Entiteit T die aansoekproses vir Departement S administreer, en uiteindelik nuwe begunstigdes in die skema aanvaar, doen hy dit binne die riglyne wat deur Departement S voorgeskryf word. Entiteit T het nie die bevoegdheid om die wesenlike bepalings en voorwaardes van die transaksies met derde partye vas te stel nie, aangesien Departement S riglyne ontwikkel het waarin aangedui word watter individue vir ouderdomspensioen kwalifiseer, asook die bedrag waarop hulle geregtig is.
- (b) Hy nie in staat is om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat uit die transaksies met derde partye voortspruit, te benut nie. Entiteit T ontvang op die 15^{de} van elke maand fondse om aan kwalifiserende begunstigdes uitbetaal te word. Aangesien daar verwag word dat hierdie fondse in opdrag van Departement S aan pensioenarisse uitbetaal moet word, is dit nie vir hom moontlik om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, wat op die transaksies met derde partye betrekking het, te benut om sy verpligtinge na te kom nie.
- (c) Hy is nie blootgestel aan veranderlikheid in die resultate van die transaksies met derde partye nie: Entiteit T verrig die diens ooreenkomstig die spesifikasies wat in

die diensvlakooreenkoms uiteengesit is. Indien hy nie presteer soos vereis nie, sal regstellende stappe deur Departement S gedoen word. Entiteit T is egter nie aan enige veranderlikheid in die transaksies met die derde partye (die begunstigdes) blootgestel nie, aangesien hy nie die hoeveelheid of kwaliteit van die dienste en voordele wat verskaf word, bepaal nie.

Gegronnd op die ontleding hierbo is Entiteit T 'n agent. As gevolg daarvan bring hy die volgende in sy finansiële state in rekening:

Uitwerking op die finansiële state

Op grond van die ontleding hierbo moet die munisipaliteit die volgende in sy finansiële state erken:

- As inkomste: die oordragbetaling wat hy van Departement S ontvang om die aansoek- en uitbetalingsproses te administreer.
- As uitgawes: enige koste wat hy aangaan in die regulering van Aktiwiteit Y, bv. werknemerkoste, waardevermindering op bates, ens.
- As 'n bate: enige kontant wat in sy bankrekening gehou word vir bedrae wat uitbetaal moet word.
- As 'n las: die ekwivalent van die kontantbedrag wat in sy bankrekening gehou word en wat óf aan begunstigdes uitbetaal moet word óf aan Departement S terugbetaal moet word.

Let wel: Op grond van die patroon hierbo word van Entiteit T verwag om teen die 20e van elke maand betalings te maak aan alle begunstigdes wat vir voordele kwalifiseer, terwyl die kontant vir die maand op die 15e van elke maand van die Departement ontvang word. Aangesien daar van Entiteit T verwag word om betalings te maak selfs indien befondsing nie vir daardie begunstigde ontvang is nie, moet hy oorweeg of hy 'n verpligting vir hierdie bedrae moet erken. So 'n bepaling word ooreenkomstig paragraaf .57 van die Standaard gedoen.

Erkenning van debiteure as 'n agent

Voorbeeld 4: Erkenning van debiteure as 'n agent

Entiteit A word tot stand gebring om belastings vir Inkomstefonds B in te vorder op grond van die geldende belastingwetgewing wat deur die Tesourie bepaal is. Vir doeleindes van hierdie voorbeeld kan veronderstel word dat die Inkomstefonds 'n bankrekening onder die beheer van die Tesourie is.

Entiteit A word op sy beurt deur sy eie wetgewing beheer wat sy bevoegdhede en verantwoordelikhede oor die algemeen asook met betrekking tot die invordering van belastinge uiteensit. Wetgewing vereis van Entiteit A om 'n toepaslike stelsel te verskaf vir die administrering van belastinginvordering, die identifisering van belastingpligtiges, die vasstelling van bedrae verskuldig deur (of aan) die geïdentifiseerde belastingpligtiges, die afdwinging van die invordering van verskuldigde bedrae en, waar toepaslik, die aangaan van skikkings oor of afskrywings van verskuldigde skulde. Entiteit A ontvang 'n oordragbetaling van die Tesourie om die koste wat met die onderneming van hierdie funksies verband hou te dek. Alle belastinginkomste word in die Inkomstefonds inbetaal.

By die vasstelling of Entiteit A 'n agent of 'n prinsipaal is, is dit belangrik om te bepaal watter transaksies aan 'n prinsipaal-agentreëling onderworpe is. Entiteit A:

- ontvang in wese 'n oordragbetaling van die Tesourie om sy bedrywighede te befonds;
- gaan in wese uitgawes aan deur kontraksluiting met werknemers, verskaffers en ander partye ten einde die aktiwiteite te onderneem wat in wetgewing van hom verwag word;
- ontvang in wese belastinginkomste van belastingpligtiges, wat in die Inkomstefonds (wat 'n bankrekening is wat deur die Tesourie beheer word) inbetaal word.

Die enigste transaksies wat aan 'n prinsipaal-agentreëling onderhewig is, is die transaksies met spesifieke belastingpligtiges (waarby die vasstelling van die belastingbedrag wat verskuldig is, die afdwinging van betaling van daardie belastinge, ens. ingesluit kan wees). Entiteit A skakel namens die Inkomstefonds/Tesourie met belastingpligtiges. In die ander transaksies is daar geen transaksies met derde partye nie. Entiteit A onderneem transaksies met óf die Tesourie, óf met verskaffers, krediteure of werknemers volgens sy eie bepalinge en voorwaardes. As gevolg daarvan is hierdie transaksies nie die onderwerp van 'n prinsipaal-agentreëling nie.

By vasstelling of Entiteit A 'n agent is, is dit duidelik dat hoewel hy in 'n sekere sin in staat is om die bepalinge en voorwaardes van die transaksie vas te stel aangesien hy verantwoordelik is vir die aanslaan/bepaling van die bedrae belasting wat verskuldig is, die belastingwetgewing die spesifieke bepalinge en voorwaardes van die transaksies met belastingpligtiges bepaal. Entiteit A is egter nie in staat om al die hulpbronne, of wesenlik al die hulpbronne, te benut wat uit die transaksie voortspruit nie, aangesien belastingontvangste tot voordeel van die Inkomstefonds/Tesourie is. Entiteit A is ook nie blootgestel aan veranderlikheid in die resultate van die belastinginvorderingsproses nie, aangesien hy bloot oorbetal wat ingevorder is en gevolglik nie aan enige risiko van wanbetaling blootgestel is nie. Entiteit A is derhalwe die agent met betrekking tot die

AERP 109

transaksies rakende die invordering van belastinginkomste, en sal nie inkomste ten opsigte van belastings in sy staat van finansiële prestasie erken nie.

Omdat wetgewing Entiteit A egter spesifiek die bevoegdheid en verantwoordelikheid oplê om die invordering van belastings af te dwing, moet hy vasstel of hy debiteure moet erken vir bedrae wat nog ingevorder moet word. By hierdie evaluering moet Entiteit A die aanwysers wat in paragraaf .57 beskryf word, in ag neem:

- (a) Die skuld is aan hom verskuldig, d.w.s. Entiteit A is die teenparty in die transaksie met die belastingpligtige.
- (b) Hy het die wetlike reg om die invordering van die skuld af te dwing.
- (c) Hy bepaal die bedrag wat deur die belastingpligtige betaal moet word.
- (d) Hy bepaal die wyse en tydsberekening van nakoming.
- (e) Hy het die bevoegdheid en diskresie om skulde wat deur belastingpligtiges verskuldig is, af te skryf.
- (f) Hy is onder 'n verpligting om bepaalde aktiwiteite te onderneem wat ingevolge wetgewing vereis word.

Aangesien daar baie van hierdie aanwysers bestaan, moet Entiteit A debiteure erken wat betrekking het op belastings wat nog ingevorder moet word, selfs al erken hy nie inkomste uit belastingontvangste nie.

Grondslag vir gevolgtrekkings

Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings verskaf die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir die aanvaarding of verwerping van bepaalde oplossings wat met die identifikasie en rekeningkundige verantwoording van prinsipaal-agentaktiwiteite verband hou.

Inleiding

- GG1. As gevolg daarvan dat entiteite in die openbare sektor saamwerk om die aktiwiteite van die openbare sektor wat in wetgewing uiteengesit word, te verwesenlik, gaan hulle dikwels ooreenkomste aan om aktiwiteite namens mekaar te onderneem. Indien hierdie ooreenkomste bestaan, is dit dikwels moeilik om vas te stel watter entiteit as die agent of die prinsipaal optree en gevolglik watter entiteit die transaksies wat uit hierdie aktiwiteite voortspruit, in rekening moet bring. As gevolg daarvan het die Raad ooreengekom om 'n projek te onderneem om vas te stel of omvattender riglyne verskaf kan word om 'n entiteit behulpsaam te wees om te bepaal wanneer hy 'n prinsipaal of 'n agent is, en watter rekeningkundige en verslagdoeningsvereistes vir sulke reëlins geskik sal wees.
- GG2. In sy navorsing het die Raad opgemerk dat daar geen gesaghebbende uitspraak of riglyn internasionaal beskikbaar was (hetsy van die International Public Sector Accounting Standards Board of die International Accounting Standards Board) wat oor die identifikasie van prinsipale en agente handel nie. Die Raad het ook kennis geneem dat, hoewel die Standaarde van AERP oor *Inkomste uit Uitrultransaksies* en *Inkomste uit Nie-uitrultransaksies (Belastings en Oordragte)* wat op die ekwivalente internasionale standarde berus, na die in rekening bring van inkomste as 'n agent of 'n prinsipaal verwys, hierdie riglyne onvoldoende is om die volle omvang van en al die tipes ooreenkomste in die openbare sektor te dek.
- GG3. Op grond van die behoefte aan omvattender riglyne het die Raad Besprekingsdokument 8 oor *Rekeningkundige Verantwoording van Prinsipaal-agentaktiwiteite in die Openbare Sektor* in Julie 2012 uitgereik. In reaksie op hierdie Besprekingsdokument het respondente die behoefte beklemtoon aan meer gedetailleerde riglyne en konsekwentheid by die rekeningkundige verantwoording van hierdie reëlins. Op hul vergadering in Mei 2013 het die Raad ingestem om 'n Standaard van AERP op te stel. Op grond van daardie besluit is hierdie Standaard van AERP opgestel en skryf dit die beginsels voor wat deur 'n entiteit toegepas moet word om vas te stel of hy as 'n prinsipaal of 'n agent in 'n reëling optree,

tesame met die vereistes vir die rekeningkundige verantwoording en openbaarmaking tydens sodanige reëlins. Die Raad het ooreengekom dat hierdie Standaard toegepas behoort te word voordat die ander Standaarde van AERP oorweeg word en as gevolg daarvan skryf hierdie Standaard nie nuwe erkennings- of metingsvereistes voor ten opsigte van inkomste, uitgawes, bates en/of laste nie.

Omvang

- GG4. Aangesien die doel met hierdie Standaard is om aan te toon wanneer 'n entiteit 'n prinsipaal of 'n agent is, het die Raad ooreengekom dat entiteite op grond van die beginsels in hierdie Standaard eers moet bepaal in watter hoedanigheid hulle in 'n reëling optree voordat hulle ander Standaarde van AERP toepas wat handel oor die erkenning en meting van transaksies wat uit daardie reëling voortspruit.
- GG5. Entiteite wat (a) aan ander entiteite 'n mandaat verleen om transaksies met derde partye namens hulle te onderneem, of (b) transaksies met derde partye namens 'n ander entiteit onderneem, doen dit gewoonlik in die vorm van 'n bindende reëling. Die Raad het ooreengekom dat waar 'n bindende reëling bestaan wat tot gevolg het dat een entiteit ('n agent) transaksies met derde partye vir 'n ander entiteit ('n prinsipaal) onderneem, hulle dan deel is van 'n prinsipaal-agentreëling en binne die omvang van hierdie Standaard val. Die Raad was van oordeel dat sowel die bestaan van 'n bindende reëling as derde partye van kritieke belang is vir die bepaling of 'n reëling tussen partye 'n prinsipaal-agentreëling is.
- GG6. Die Raad het ooreengekom dat, omdat dit onwaarskynlik is dat 'n entiteit in die afwesigheid van 'n bindende reëling namens 'n ander sal optree, daar 'n bindende reëling moet wees om te voldoen aan die omskrywing van 'n prinsipaal-agentreëling. Bindende ooreenkomste word in verder paragraaf GG16. tot GG18. hier onder bespreek.
- GG7. Aangesien 'n agent 'n prinsipaal in 'n reëling verteenwoordig of namens hom optree, het die Raad ooreengekom dat 'n sleutelfaktor in die bepaling of 'n reëling 'n prinsipaal-agentreëling is, die bestaan van derde partye is. Met inagneming van die tipes reëlins in die openbare sektor het die Raad ooreengekom dat 'n agent spesifieke transaksies met derde partye namens die prinsipaal kan onderneem, of bloot 'n prinsipaal met betrekking tot derde partye kan verteenwoordig. Die term "transaksies met derde partye" wat in hierdie Standaard gebruik word, omvat albei situasies.

Benadering tot die onderskeid tussen prinsipale en agente en die uitwerking daarvan op woordomskrywings

Benadering om te onderskei tussen agente en prinsipale

- GG8. Voorheen was die identifisering van 'n prinsipaal of 'n agent in 'n uitruiltransaksie gegrond op 'n ontleding van risiko's en beloning. Die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* bevat 'n lys aanwysers wat opstellers gebruik het by so 'n beoordeling. Hierdie aanwysers is hoofsaaklik ontleen aan privaatsektorskenario's en was dikwels nie relevant of toepaslik vir die tipes transaksies wat openbaresektorentiteite aangaan nie, veral daardie transaksies waar entiteite vergelykbare mandate het. Entiteite moes 'n beduidende mate van oordeel aan die dag lê, wat subjektiwiteit in die opstel van finansiële state en 'n gebrek aan vergelykbaarheid tot gevolg gehad het. In die lig van tekortkominge met gebruik van "risiko's en beloning" om vas te stel of 'n entiteit as 'n prinsipaal of agent optree, het die Raad in die Besprekingsdokument, asook die voorgestelde Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Verantwoording deur Prinsipale en Agente* wat vir kommentaar uitgereik is (ED 122), voorgestel dat die konsep van "voordelige beheer" meer van toepassing kan wees by die identifisering van prinsipale en agente in die openbare sektor.
- GG9. Die Raad was van oordeel dat die gebruik van voordelige beheer in die praktyk minder subjektief sou wees in die lig van die aard van bindende reëlings wat dikwels in die openbare sektor voorkom. Die mening van die Raad was dat dit veral relevant sou wees waar entiteite vergelykbare mandate of verantwoordelikhede het, aangesien slegs een entiteit oor 'n bepaalde bedrywigheid beheer kan hê, terwyl by 'n evaluering van risiko's en beloning albei vir beide partye teenwoordig kan wees met betrekking tot 'n bepaalde bedrywigheid.
- GG10. Die Besprekingsdokument asook ED 122 het voordelige beheer oor 'n bepaalde bedrywigheid uitgelig as die maatstaf om te onderskei wanneer 'n entiteit 'n agent of 'n prinsipaal is. Die riglyn daar is dat wanneer 'n entiteit voordelige beheer oor 'n bedrywigheid toon, hy in daardie reëling die prinsipaal sal wees. Insgelyks, indien 'n entiteit nie voordelige beheer toon nie, is hy 'n agent. 'n Entiteit toon voordelige beheer indien hy al drie die volgende demonstreer: (a) hy die bevoegdheid het om die bedrywigheide in die bindende reëling te rig, (b) hy die vermoë het om al die aktiwiteitsverwante hulpbronne, of wesenlik al die aktiwiteitsverwante hulpbronne,

te benut, en (c) blootgestel is aan die veranderlikheid in die resultate van die bedrywigheid.

- GG11. Hoewel respondente in die Besprekingsdokumentstadium ten gunste van hierdie maatstawwe was, het hulle potensiële probleme met die toepassing van voordelige beheer tydens die proses van kommentaar op ED 122 uitgelig. In die besonder het respondente opgemerk dat indien 'n entiteit nie aan hierdie maatstawwe voldoen nie, hy nie voordelige beheer oor 'n bedrywigheid het nie en dat hy vanselfsprekend die agent sal wees. Die agent sal per definisie egter nie in staat wees om aan te toon dat hy aktiwiteite kan rig en voordeel uit die aktiwiteitverwante hulpbronne trek nie, of blootgestel word aan veranderlikheid in die resultate van die aktiwiteit nie. As gevolg daarvan het respondente voorgestel dat die maatstawwe of omstandighede wanneer 'n entiteit 'n agent is, geïdentifiseer word eerder as wanneer hy 'n prinsipaal is.

Vlak van beoordeling

- GG12. 'n Sleutelvoorstel in die Besprekingsdokument en ED 122 was die beoordeling van voordelige beheer oor 'n stel aktiwiteite. Die benadering in die Besprekingsdokument tot die identifisering van 'n prinsipaal en 'n agent het eksplisiet vereis dat 'n entiteit moet vasstel of hy met betrekking tot spesifieke aktiwiteite as 'n prinsipaal of as 'n agent optree, en het vereis dat daardie spesifieke aktiwiteite as die beginpunt in die ontleding geïdentifiseer word. Die Besprekingsdokument het ook 'n duidelike omskrywing van 'n aktiwiteit voorgestel. Respondente was nie ten gunste van die klem wat geplaas is op die identifisering van spesifieke aktiwiteite as die beginpunt in die identifisering van prinsipale en agente nie. Die Raad het saamgestem dat om dit te doen, te omvattend sou wees en die erkenning van individuele transaksies sou beperk. As gevolg daarvan het die Raad ingestem dat "aktiwiteit" in ED 122 gebruik moet word in die konteks van beoordeling van voordelige beheer en dat die term "aktiwiteit" nie formeel op dieselfde manier as wat in die Besprekingsdokument voorgestel word, omskryf of gebruik sou word nie.

- GG13. Respondente wat op Konsep vir Kommentaar (KK) 122 kommentaar gelewer het, het nie saamgestem met die ingesteldheid op aktiwiteite nie, aangesien beoordeling van voordelige beheer op so 'n hoë vlak ontoepaslike rekeningkundige verantwoording vir spesifieke transaksies tot gevolg kan hê. In die besonder kan entiteite die gevolgtrekking maak dat hulle grootliks voordelige beheer oor 'n hoëvlakaktiwiteit het, maar steeds as agent optree vir spesifieke transaksies binne daardie reëling. Respondente wat tipies inkomste invorder, het oortuigende argumente in hierdie verband aangevoer. Tydens konsultasie met deelnemers het



AERP 109

dit ook duidelik geword dat die beoordeling van aktiwiteite belangrike vrae laat ontstaan het oor die vraag of entiteite wat deur 'n ander entiteit, bv. 'n openbare entiteit, tot stand gebring is om aktiwiteite namens hulle te onderneem, dan as agente beskou moet word. Die Raad het saamgestem dat die fokus op aktiwiteite onbedoelde gevolge kan hê, en het die Standaard hersien om die klem te laat val op transaksies met derde partye en die identifisering van spesifieke maatstawwe op 'n transaksievlak.

Maatstawwe om vas te stel of transaksies met derde partye as 'n agent of 'n prinsipaal onderneem word

- GG14. Die Raad se besluit om op transaksies eerder as aktiwiteite te fokus beteken dat daar nie meer op voordelige beheer gefokus kon word nie, selfs indien dit uit die oogpunt van die agent gesien word, aangesien beheer oor 'n transaksie nie aangetoon kan word nie. Die Raad het ingestem dat die basiese uitgangspunt van die hersiene benadering moet vereis dat 'n entiteit moet vasstel of hy deur 'n ander entiteit opdrag gegee is om transaksies met derde partye te onderneem, en om te bepaal of hy, of die ander entiteit, uit daardie transaksies voordeel trek. Ongeag die tekortkominge met voordelige beheer waarna in paragraaf GG11 verwys is, het die meeste respondente saamgestem dat die drie maatstawwe nuttige oorwegings was om aan te wend. As gevolg daarvan het die Raad saamgestem dat die maatstawwe wat gebruik is om voordelige beheer te evalueer, herformuleer kan word om vas te stel of 'n entiteit transaksies vir sy eie voordeel onderneem al dan nie. Hierdie maatstawwe kon nie afsonderlik binne 'n bepaalde begrip of term omskryf word nie, en is gevolglik in die vereistes van die Standaard self vervat.
- GG15. By die herformulering van die voordeligebeheermaatstawwe om hulle relevant te maak vir beoordelings op 'n transaksievlak het die Raad oorweeg of al drie maatstawwe relevant is by vasstelling of 'n entiteit 'n agent is. In die besonder het die Raad die vermoë oorweeg van entiteite om besluite oor die wesenlike bepalinge en voorwaardes van transaksies te neem. Die Raad het opgemerk dat sommige entiteite in staat is om belangrike besluite oor transaksies te neem omdat daar in wetgewing bepaalde bevoegdhede aan hulle verleen is wat nodig is vir die uitoefening van hul mandate. So kan daar byvoorbeeld aan reguleerders of agentskappe aan wie die verantwoordelikheid van afdwinging toevertrou is, die reg verleen wees om vas te stel watter partye deur 'n bepaalde transaksie geraak sal word, watter bedrae hulle moet betaal, en hoe die bedrae vereffen moet word. Gegewe die aard van sulke entiteite se bedrywighede en mandate kan die bepaling of hulle die bevoegdheid het om beduidende besluite oor die bepalinge en voorwaardes van 'n transaksie te neem, dalk nie 'n tersaaklike oorweging wees by die vasstelling of hulle agente is nie. Die Raad het derhalwe ooreengekom dat al drie maatstawwe gebruik moet word om te bepaal of 'n entiteit 'n agent is, behalwe waar spesifieke bevoegdhede met betrekking tot die bepalinge en voorwaardes van bepaalde transaksies ingevolge wetgewing aan 'n entiteit verleen word.

GG16. As gevolg van die respondente se waarnemings wat in paragraaf GG11 hierbo aangestip word, het die Raad ooreengekom dat 'n entiteit eers moet vasstel of hy 'n agent is deur die maatstawwe aan te wend. Indien 'n entiteit met behulp van hierdie maatstawwe vasstel dat hy nie 'n agent is nie, dan is hy uit die aard van die saak 'n prinsipaal.

Omskrywing van 'n prinsipaal en 'n agent

GG17. In die Besprekingsdokument het die Raad nie formele woordskrywings van die terme "prinsipaal" en "agent" voorgestel nie en in plaas daarvan beskrywings van "eie aktiwiteite" en "agentskapsaktiwiteite" gegee. "Eie aktiwiteite" is beskryf as daardie aktiwiteite waaroor 'n entiteit voordelige beheer het, wat hy self uitvoer, of namens hom deur 'n ander entiteit uitgevoer word. "Agentskapaktiwiteite" is beskryf as daardie aktiwiteite wat deur 'n entiteit uitgevoer word wat nie sy eie aktiwiteite is nie. Respondente wat op die Besprekingsdokument kommentaar gelewer het, het nie hierdie beskrywings gesteun nie, aangesien hulle te veel klem op die identifisering van "aktiwiteite" geplaas het. Respondente was ook besorg oor die gebrek aan duidelike omskrywings vir prinsipale en agente.

GG18. Op grond van die kommentaar wat ontvang is, het die Raad ingestem om "prinsipaal" en "agent" duidelik te omskryf, aangesien hierdie terme sentraal staan in die identifisering van die betrokke partye by 'n prinsipaal-agentreëling. Die omskrywings van "prinsipaal" en "agent" wat in ED 122 ingesluit is, is gegrond op die bestaan van voordelige beheer. In die lig van die kwessies wat deur respondente aangeroei is oor voordelige beheer, moet die omskrywings van "prinsipaal" en "agent" hersien word. Die Raad het ooreengekom dat die omskrywings van "prinsipaal" en "agent" gegrond moet word op die feit dat een entiteit 'n ander opdrag gee om transaksies met derde partye namens hom te onderneem. Die omskrywings maak dit ook duidelik dat indien die transaksies tot voordeel van die ander party is, daardie party dan die prinsipaal in die reëling is eerder as die agent.

GG19. By ontleding van wetgewing wat bepaalde prinsipaal-agentreëlings beheer, het die Raad vasgestel dat sekere verantwoordelikhede aan 'n individu soos 'n minister eerder as 'n entiteit opgedra kan word. As gevolg daarvan het die Raad besin of die omskrywing van 'n prinsipaal en 'n agent moet verwys na 'n "individu" of 'n "entiteit". Die Raad het ooreengekom dat, omdat 'n individu nie 'n verslagdoenende entiteit is nie, daar vasgestel moet word watter entiteit die individu verteenwoordig en oorweeg moet word of daardie entiteit in daardie verband as 'n prinsipaal of 'n agent optree.



AERP 109

GG20. Die begunstigde van baie prinsipaal-agenttransaksies is dikwels 'n bankrekening of fonds. Dit is dalk nie in alle gevalle duidelik aan watter entiteit hierdie bankrekening of fonds behoort nie. Die Raad het ooreengekom dat omdat hierdie rekeninge of fondse partye is by prinsipaal-agentreëlings, dit belangrik kan wees om te bepaal of die entiteit wat hierdie rekeninge of fondse beheer, die prinsipaal of die agent in 'n reëling is. Riglyne oor hierdie kwessie is ná die publikasie van KK 122 by die Standaard gevoeg.

Bindende reëling

GG21. In die Besprekingsdokument het die Raad dit oorweeg of 'n prinsipaal-agentreëling in die praktyk buite 'n bindende reëling sou kon bestaan. Die gevolgtrekking was dat hoewel dit nie noodwendig onmoontlik is nie, dit hoogs onwaarskynlik is in die lig daarvan dat die grondslag van prinsipaal-agentreëlings die verlening van 'n mandaat deur die prinsipaal aan die agent is om namens hom transaksies met derde partye te onderneem. In die openbare sektor sal entiteite nie transaksies met derde partye namens 'n ander entiteit onderneem tensy daar 'n reëling was wat hulle daartoe verplig het nie. Gevolglik het die Raad ooreengekom dat die bestaan van 'n bindende reëling van kritieke belang is vir die identifisering van die regte en verpligtinge wat aan die partye by die reëling oorgedra is. Daar is ook ooreengekom dat aanvaar kan word dat 'n entiteit, in die afwesigheid van 'n bindende reëling, aktiwiteite vir sy eie rekening onderneem en nie as deel van 'n prinsipaal-agentreëling nie.

GG22. By die beskrywing van wat 'n bindende reëling beteken, het die Raad erkenning verleen aan die wye reeks reëlings wat daar in die openbare sektor bestaan en wat tot 'n prinsipaal-agentreëling aanleiding kan gee, en veral dat dit nie noodwendig tot 'n kontraktuele reëling sal lei nie. Gevolglik het die Raad ooreengekom om bindende reëlings so breed moontlik te beskryf om te verseker dat entiteite ook reëlings oorweeg wat deur wetgewing of soortgelyke middele beheer word, d.w.s. regeringsbeleid, lasgewings, instruksies of bevele wat deur ministers, rade of soortgelyke liggame uitgereik is, asook dié wat deur die werking van die reg, met inbegrip van die gemenereg, tot stand gebring is.

GG23. Die Raad het opgemerk dat daar dikwels geen bewyse is van 'n formeel gedokumenteerde bindende reëling wat voortspruit uit die bronne wat in paragraaf GG11. beskryf word nie. Indien sodanige gevalle wel voorkom, het die Raad ooreengekom dat 'n entiteit moet oorweeg of 'n entiteit se vorige handeling enigsins aandui of hy 'n prinsipaal of 'n agent is.

Rekeningkunde deur 'n prinsipaal en 'n agent

Inkomste en uitgawes

GG24. Die belangrikste rekeningkundige oorweging by rekeningkundige verantwoording deur 'n prinsipaal en 'n agent is of 'n entiteit die transaksies wat namens 'n ander onderneem is, as sy eie in rekening moet bring of nie. In die Besprekingsdokument en KK 122 het die Raad ooreengekom dat die rekeningkundige beginsel die

benadering moet volg wat gebruik is om vas te stel of 'n entiteit as 'n prinsipaal of 'n agent optree, d.w.s. die aanwesigheid van voordelige beheer. Die Raad het voorgestel dat wanneer 'n entiteit kan toon dat hy voordelige beheer oor 'n aktiwiteit het, hy inkomste en uitgawes wat uit daardie aktiwiteite voortspruit, as sy eie transaksies in rekening moet bring en dit in die staat van finansiële prestasie moet aanbied. Dit het beteken dat 'n prinsipaal inkomste en uitgawes in sy staat van prestasie moet aantoon wanneer hy voordelige beheer oor 'n aktiwiteit het. Insgelyks moet 'n agent nie in sy staat van finansiële prestasie transaksies as sy eie erken waar die prinsipaal voordelige beheer oor die verwante aktiwiteite het nie, aangesien hy sodoende die agent se eie finansiële stand en prestasie sal verdraai.

- GG25. In die lig van die verandering in fokus van die aantoon van voordelige beheer oor 'n aktiwiteit ná vasstelling watter entiteit deur die transaksies met derde partye bevoordeel word, was die Raad genoodsaak om weer deeglik na hierdie voorgestelde benadering te kyk. Die Raad het ooreengekom dat hy spesifiek sou aandui dat inkomste en transaksies wat voortspruit uit transaksies wat met derde partye onderneem word, deur die prinsipaal erken behoort te word, en dat die agent slegs daardie gedeelte van die inkomste of uitgawes moet erken wat hy met betrekking tot die onderneming van die transaksies namens die prinsipaal aangaan.

Bates en laste

- GG26. Die Raad het ooreengekom dat, hoewel dit moontlik is om 'n duidelike beginsel vir die erkenning van inkomste en uitgawes in die staat van finansiële prestasie te stel wanneer 'n entiteit as 'n agent of 'n prinsipaal optree, 'n vergelykbare beginsel nie neergelê kan word vir die erkenning van bates en laste wat uit prinsipaal-agentreëlings voortspruit nie. Die Raad het ooreengekom dat 'n evaluering deur 'n entiteit gedoen moet word of enige regte en verpligtinge wat uit die reëling voortspruit, aanleiding tot bates en laste in die Raamwerk gee, en of daardie bates en laste aan die erkenningsmaatstawwe in die betrokke Standaarde van AERP voldoen.

- GG27. Die Raad het egter tot die slotsom gekom dat hy riglyne moet verskaf oor wanneer, of onder watter omstandighede, bepaalde bates en laste wat uit prinsipaal-agentreëlings mag voortspruit, erken moet word. In die besonder het die Raad ooreengekom dat riglyne voorsien behoort te word indien kontant of 'n ander monetêre bate deur 'n agent vir 'n prinsipaal gehou word, of indien bates soos voorraad deur agente gehou word om die aktiwiteite wat in die prinsipaal-agentreëling gespesifiseer word, uit te voer. In die lig van die potensiele

kompleksiteit van spesifieke scenario's het die Raad ook ooreengekom om riglyne te verskaf oor die erkenning van debiteure en krediteure wat uit prinsipaal-agentreëlings voortspruit. Die Raad se gevolgtrekkings hieroor word in die volgende paragrawe uiteengesit.

- GG28. Die Raad het vasgestel dat in die openbare sektor baie prinsipaal-agentreëlings vereis dat 'n agent kontant moet invorder of namens die prinsipaal kontant moet betaal. Sommige van die reëlings wat deur die Raad ondersoek is, het meer as net die invordering of betaling van kontant vereis, en spesifieke regte en verpligtinge op die agent geplaas. Die Raad het ooreengekom dat in bepaalde omstandighede die regte en verpligtinge wat in die bindende reëling uiteengesit is, tot 'n debiteur of 'n krediteur vir die agent aanleiding kan gee. Die Raad het kennis geneem dat die prinsipaal waarskynlik in alle omstandighede 'n debiteur of 'n krediteur sal hê, ofskoon die teenparty in hierdie transaksies die agent eerder as die spesifieke derde partye met wie die transaksies onderneem is, kan wees.
- GG29. Die Raad is van oordeel dat indien al wat 'n agent in 'n bindende reëling hoef te doen die invordering (en/of betaling) van kontant vir 'n prinsipaal is, die erkenning van 'n debiteur of 'n krediteur onvanpas sal wees. Die Raad het tot die gevolgtrekking gekom dat dit in daardie omstandighede gepas sal wees om kontant as 'n bate te erken sodra dit ontvang word, en om 'n ooreenstemmende verpligting te erken om die kontant na die prinsipaal oor te betaal.
- GG30. Indien daar egter van 'n agent verwag word om meer te doen as om die kontant in te vorder (en/of te betaal), het die Raad ooreengekom dat 'n behoorlike ondersoek van die regte en verpligtinge in die bindende reëling onderneem moet word. In die besonder het die Raad ooreengekom dat waar daar bepaalde regte en verpligtinge bestaan, erkenning van 'n debiteur of 'n krediteur toepaslik kan wees omdat hulle die invloei of uitvloei van dienspotensiaal aantoon wat nodig is om 'n entiteit se doelwitte te bereik. Die spesifieke regte en verpligtinge wat kan aandui dat 'n entiteit 'n debiteur of 'n krediteur moet erken, is soos volg:
- Die skuld is verskuldig aan of deur die agent, d.w.s. die agent is die teenparty in die transaksie met die derde party.
 - Die agent het die wetlike reg om die invordering van die skuld af te dwing, of die agent het die regsverpligting om die skuld te vereffen.
 - Die agent stel die bedrag vas wat betaal moet word deur, of aan, die derde party op grond van die beleide wat deur die prinsipaal vasgestel is.
 - Die agent bepaal die wyse en tydsberekening van nakoming.
 - Die agent het die bevoegdheid en diskresie om skulde wat deur derde partye verskuldig is, af te skryf.

- Die agent het 'n verpligting om bepaalde aktiwiteite te onderneem wat ingevolge die bindende reëling vereis word.

GG31. Die Raad het dit oorweeg of daar meer uitdruklike riglyne oor die tydsberekening van die erkenning van debiteure en krediteure in paragraaf GG30 voorsien moet word. Die Raad het ooreengekom dat die beginsels in die tersaaklike Standaarde van AERP oorweeg moet word by die vasstelling wanneer 'n debiteur of 'n krediteur erken moet word, en hoe dit gemeet moet word. Die Raad het egter riglyne neergelê dat indien 'n debiteur of 'n krediteur erken word op grond van die spesifieke omstandighede wat in die Standaard verduidelik word, 'n ooreenstemmende debiteur of 'n krediteur (wat ook al van toepassing is) terselfdertyd en vir dieselfde bedrag erken word.

GG32. Gedurende die konsultasieproses oor KK 129 het sommige respondente dit bevraagteken of dit, soos in die scenario hierbo uiteengesit, vir 'n agent toepaslik is om in sekere omstandighede nie-monetêre bates te erken. Die Raad is van oordeel dat dit moeilik sal wees om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n agent sulke bates moet erken indien die voordeel van enige inkomste wat uit die gebruik van die bate ontvang word, of die risiko's of uitgawes wat aangegaan word om die bate te bedryf, nie die agent toeval nie.

Aanbieding

GG33. In ooreenstemming met die beginsels in die bestaande Standaarde van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* het die Raad ooreengekom dat dit vir 'n agent ontoepaslik sal wees om bedrae van bates en laste wat ooreenkomstig 'n prinsipaal-agentreëling gehou word te verreken. Die Raad het nie die verrekening van hierdie bedrae ondersteun nie, aangesien hulle dikwels afsonderlike transaksies verteenwoordig. Die Raad het egter wel opgemerk dat indien die vereistes van 'n ander Standaard van AERP die verrekening van 'n bate en las toegelaat het, die vereistes in daardie Standaard toegepas kan word.

Openbaarmaking

GG34. Die Raad het openbaarmakings ten opsigte van prinsipaal-agentreëlings in die Besprekingsdokument voorgestel op grond daarvan dat gebruikers van finansiële state die openbaarmaking van inligting waarskynlik nuttig sal vind indien dit aan die volgende doelstellings voldoen:

Prinsipale:

AERP 109

- (i) Dit verskaf inligting oor die aard van die aktiwiteite van die entiteit en sy rol met betrekking tot ander entiteite (gewoonlik 'n verwante party, maar nie altyd nie).
- (ii) Dit verskaf inligting oor die finansiële en nie-finansiële risiko's verbonde aan die entiteit as 'n party by die prinsipaal-agentreëling.
- (iii) Dit verskaf inligting oor die entiteit se bevoegdheid om sy eie aktiwiteite uit te voer, met inbegrip van sy steun op ander partye.
- (iv) Dit verskaf inligting oor die hulpbronne van die entiteit wat in die bewaring van 'n ander party is.

Agente

- (i) Dit verskaf inligting oor die aard van die aktiwiteite van die entiteit en sy rol met betrekking tot ander entiteite (gewoonlik 'n verwante party, maar nie altyd nie).
- (ii) Dit verskaf inligting oor die finansiële en nie-finansiële risiko's verbonde aan die entiteit as 'n party by die prinsipaal-agentreëling.
- (iii) Dit verskaf inligting oor die entiteit se bewaringspligte en sy finansiële prestasie as 'n agent (rekenpligtigheid).
- (iv) Dit verskaf inligting oor die gebruik en toedeling van entiteitshulpbronne in agentskapaktiwiteite.

GG35. Respondente wat op die Besprekingsdokument kommentaar gelewer het, het nie saamgestem met die omvang van die openbaarmakings wat voorgestel is nie, veral nie met die rekonsiliasie van die bewegings tussen bedrae wat aan die begin en die einde van die verslagdoeningstydperk tussen die partye verskuldig is, en die beskrywing van openbaarmakingsvereistes wat reeds deur ander Standaarde van AERP vereis word nie. Die Raad het ooreengekom dat openbaarmakings gestroomlyn moet word om meer spesifiek te reageer op die doelwitte wat hierbo uiteengesit is, en nie inligting moet dupliseer wat reeds in ander dele van die finansiële state ooreenkomstig ander Standaarde AERP verskaf is nie.

GG36. Tydens die kommentaarproses het 'n respondent aangedui dat dit nuttig kan wees om te weet of daar enige beëindigingsklousules in sulke reëlings is, en wat die potensiele implikasies daarvan vir die reëling uit die oogpunt van die prinsipaal kan wees. Die Raad het ooreengekom dat hierdie openbaarmaking voldoen aan al die doelwitte wat in paragraaf GG34. uiteengesit is en het ooreengekom om dit in die Standaard in te sluit.

- GG37. Respondente wat op ED 122 kommentaar gelewer het, het die voorgestelde openbaarmakings gesteun, maar het aangedui dat bykomende inligting in die aantekeninge by 'n agent se finansiële state nodig kan wees oor die inkomste en uitgawes met betrekking tot die transaksies met derde partye. Respondente het kennis geneem dat hierdie openbaarmakings evaluering van rekenpligtigheid sal ondersteun indien die agent duidelike prestasiemaatstawwe met betrekking tot hierdie aktiwiteite het. Of, en in watter mate, hierdie gedetailleerde openbaarmakings dit wel sal doen, sal afhang van die aard en kompleksiteit van die reëlins wat in werking is, asook die vlak van rekenpligtigheid wat verlang word. Die Raad het saamgestem met die kommentaar deur respondente en het hierdie openbaarmakings in die Standaard ingesluit.
- GG38. Die respondente wat op KK 129 kommentaar gelewer het, het aangedui dat bykomende inligting in die finansiële state van 'n agent nodig is om rekenpligtigheid te bepaal. In die besonder het hulle vroeëre voorstelle ondersteun om 'n rekonsiliasie van die begin- en eindsaldo's van bates en laste wat in die aantekeninge by die finansiële state deur die agent erken word,, veral indien hulle debiteure of krediteure ooreenkomstig paragraaf .57 erken. Die Raad is deur die argumente wat aangevoer is, oortuig en het ooreengekom dat sodanige rekonsiliasie nuttig kan wees indien debiteure en krediteure deur die agent erken word.